# Vrye Weekblad

**Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika**

31 Maart 1989 — Tel: (011) 836-7236 — Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)



**Die Demokratiese Party se vuurdoop in Reigerpark — 3**

**Nostalgie van 'n Paarlse banneling in Kanada — 6**


# Maties se deurbraak met ANC

Anton Steenkamp

DIE samesprekinge tussen 'n groep Stellenbosse studenteleiers en een van die sterkste ANC-spanne wat nog met 'n binnelandse afvaardiging gepraat het, is 'n oorwinning vir Suid-Afrikaners wat onderhandeling met die ANC voorstaan.

Die belangrikheid wat die ANC aan verlede naweek se Lusaka-ontmoeting geheg het, blyk duidelik uit die feit dat die president van die ANC, Oliver Tambo, die studente self te woord gestaan het.

Die boodskap van die ANC wat die Maties na hul universiteit terugneem, is dat die Afrikaanse taal en kultuur in 'n post-apartheid Suid-Afrika steeds sy volle regmatige plek sal inneem.


Die studente het ook die Zambiese president, Kenneth Kaunda, en verteenwoordigers van Tanzanië, die Duitse Demokratiese Republiek, Nederland, Kanada, die VSA, Kuba, Zimbabwe en die Zambiese jeugbeweging ontmoet.

Kaunda het selfs deur die studente 'n boodskap aan Pretoria laat stuur: hy sal met die NP-regering praat as Suid-Afrika sy woord met die Namibia-ooreenkoms hou.

Onder die lede van die top-afvaardiging van


*Na bladsy 2*

## Die wit Zoeloe en sy bruid



Johnny Clegg van Savuka-faam met sy vrou, Jenny, na hul tradisionele Zoeloe-troue by Sphongweni naby Greytown
*Foto: Gisele Wulfsohn*

# Maggie, onthou jy nog Lancaster House?



**PETA THORNYCROFT, 'n Zimbabwiese joernalis, gee haar indrukke van Margaret Thatcher se besoek aan Zimbabwe**

EEN van die dogtertjies wat vir Thatcher gedans het met haar aankoms in Harare het later gekla dat sy amper verblind is deur die Britse leier.

Die probleem is blykbaar die groot hoeveelheid diamante van moontlike Suid-Afrikaanse oorsprong wat Thatcher gedra het.

Die TV-kameras en flitsligte het blykbaar weerkaats van die groot trosse diamante op Thatcher se boesem, en die kind is vir 'n oomblik verblind.

Thatcher se eerste besoek aan Zimbabwe, 'n land wie se geboorte sy huiwerig toegelaat het, was só beleefd, so goed gedoen, en die portrette van haar op die vlagpale langs die Union Jack so grasieus, so betowerend.

Om eerlik te wees, ek het geen idee waarom sy hierheen gekom het nie, behalwe dat pres Robert Mugabe haar gevra het, en hy is 'n onwrikbare teenstander van Suid-Afrika.

Thatcher is gevolg deur 'n groep bleek Britse joernaliste wat moeg en beswaard voorgekom het. Hulle moet verslag doen oor elke nuanse van Thatcher se uitsprake, uitsprake so volmaak gehul in dubbelsinnighede dat dit onmoontlik is om verstaan wat sy sê, behalwe miskien die mense wat geskool is in Britse spraak.


Mugabe, wat haar so hartlik ontvang het, is die leier omdat hy onverpoosd geveg het teen die wit minderheid. En daardie oorlog, wat deur die Rhodesiërs verloor is, het gelei tot samesprekinge waaruit die huidige Zimbabwe gebore is.

Rhodesië word nie maklik met Suid-Afrika vergelyk nie, maar Mugabe het geweld eers afgesweer nadat hy die oorlog gewen en 'n vredesooreenkoms bereik het.

Maar Thatcher sê sy voel die tyd is ryp om deur samesprekings 'n skikking in Suid-Afrika te bereik. Sy sê sy sal nie met die ANC praat voordat dié organisasie geweld afsweer nie. Nelson Mandela moet vrygelaat word, maar hy moet ook geweld afsweer. Sy sê niks omtrent PW Botha wat dieselfde moet doen nie.

*Na bladsy 2*

**Wat het van PW Botha se vinger geword? — 13**




# Uit want jy's swart, sê Eerste Nasionale Bank

**Anton Steenkamp**

EERSTE NASIONALE BANK het hulle op die Groepsgebiedewet beroep om 'n uitsettingsbevel teen 'n swartman in Louis Trichardt te kry.

In 'n aansoek wat Woensdag voor die landdroshof in Louis Trichardt gedien het, vra die bank dat Percy Mmethi gelas word om 'n kleinhoewe agt kilometer buite Louis Trichardt te ontruim.

Die bank se prokureur sê in 'n beëdigde verklaring Mmethi "is 'n lid van die swart groep soos bedoel in Artikel 12 van die Wet op Groepsgebiede, nr 36 van 1966", en die eiendom waarop hy woon, is "gereserveer vir okkupasie deur persone behorende tot die blanke groep" onder Artikel 1 van die Wet.

Hy voer aan dat Mmethi 'n "onbevoegde persoon ten opsigte van die beheerde gebied waarin die eiendom geleë is", omdat hy nie 'n permit het om daar te woon nie.

Volgens stukke voor die hof huur Mmethi reeds sedert 1982 die perseel, en verstryk die huurtermyn eers in 1993. Eerste Nasionale Bank het egter vonnis teen die eienaar van die perseel verkry om die eiendom in eksekusie te verkoop.

Hoewel die huurreg, wat verkry is voordat 'n verband oor die perseel uitgeneem is, in so 'n geval gewoonlik sterker is en bly voortbestaan, vra die bank nou in terme van die Groepsgebiedewet dat Mmethi "van die eiendom verwyder word alvorens sodanige reëlings vir die openbare veiling getref word sodat voornemende kopers onbelemmerd die eiendom kan besigtig en ook nie afgeskrik word deur die bestaan van 'n sogenaamde huurooreenkoms ten gunste van eerste respondent (Mmethi) nie".

Mmethi gebruik die perseel om motors te herstel, en vrees dat hy van dié inkomste ontneem sal word as hy die perseel moet ontruim.

'n Woordvoerder van Eerste Nasionale Bank, Teddy Brown, het by navraag aan Vrye Weekblad gesê die Groepsgebiedewet "is nie eers 'n kwessie nie. As die lening aan die bank deur die eienaar terugbetaal word, kan Mmethi daar bly. Dis purely 'n business deal."

# Helsberg se bokke wei voorlopig . . .

**Anton Steenkamp**

DIE veeboere van die Richtersveld kan hul bokke nog 'n rukkie laat wei.

'n Besluit dat hul tradisionele weiveld in 'n Nasionale Park omskep word en hulle moet trek, is vir eers op die lange baan geskuif.

Een van die "burgers" van die noordelike Richtersveld in Namakwaland het onlangs 'n dringende aansoek voor die Hooggeregshof ingedien dat die Bestuursraad van die gebied en die Minister van Plaaslike Bestuur, Behuising en Landbou verbied word om 'n ooreenkoms te onderteken dat dié gebied in 'n Nasionale Park omskep word, wat sou meebring dat die veeboere moet trek.

Die hof het bepaal dat die twee partye van 20 Maart af die ooreenkoms 30 dae lank nie mag onderteken nie, en intussen moet probeer om 'n vergelyk met die inwoners van die gebied te tref.

As 'n vergelyk nie getref kan word nie, kan die aansoeker, Willem de Wet, binne 72 uur 'n hofbevel teen die respondente kry.

## Afhanklik

De Wet, wat homself as 'n "Nama-Kleurling van Kuboes in die Noordelike Richtersveld" beskryf, sê in sy beëdigde verklaring dat die gemeenskap van veeboerdery afhanklik is.

"Indien voortgegaan word om 'n Nasionale Park in te stel, beteken dit dat ek my vee uit die Helsberge-gebied sal moet verwyder en my vee sal moet neem na die Korridor-Wes-plase wat ons as kompensasie sou kry. Dit sal my om verskeie redes benadeel. My diere sal nie noodwendig aard in die Korridor-veld nie, waar die veld van 'n ander geaardheid is en my vee krimpsiekte sal kry."

Die ooreenkoms sou bepaal dat die bestuursraad en die Minister die grond vir 99 jaar beskikbaar stel om tot 'n Nasionale Park verklaar te word. 'n Ander gebied wat buite die landelike gebied van die noordelike Richtersveld val, sou dan beskikbaar gestel word vir veeboerdery.

## Verminder

De Wet sê in sy aansoek dat dit sou beteken die inwoners moet hul vee op 'n gebied omtrent 'n derde van die grootte van die huidige gebied laat wei, wat sal beteken dat hulle van hul vee moet verminder.

"My familie en voorsate en my vrou se familie en voorouers gebruik tradisioneel die Helsberge as weiding," sê De Wet in sy verklaring. "My vrou se grootjie is ook daar begrawe."

De Wet maak beswaar daarteen dat die veeboere nie voldoende geleentheid gekry het om hul saak te stel nie, en sê dat gemeenskapsbetrokkenheid noodsaaklik is vir enige natuurbewarings- en ontwikkelingsplan in die gebied.

Hy en die ander lede van die gemeenskap is bereid om self betrokke te raak by die bewaring van die gebied, mits hulle nie van hul weidingsregte ontneem word nie. Hulle kennis van die inheemse plantegroei kan baie beteken in die ontwikkeling van 'n park, mits hulle daar kan bly.

# Drie omseil Arbeidswet

**Anton Steenkamp**

DRIE Wes-Duitse motorvervaardigers het met Suid-Afrikaanse vakbonde ooreengekom om nie die omstrede Wet op Arbeidsverhoudinge toe te pas nie.

Die onderneming deur Volkswagen, BMW en Mercedes-Benz is die eerste in sy soort vir 'n buitelandse maatskappy in Suid-Afrika. Dit sal omtrent 14 000 werkers betrek.

Die ooreenkoms bevat 'n veertienpunt-kode vir arbeidsverhoudinge wat soortgelyk is aan kontrakte wat in Wes-Duitsland van krag is.

Dit sluit onder meer die volgende bepalings in:

* Die reg tot wettige stakings sonder die vrees vir afdanking.
* Die reg van stakers om vreedsaam te "picket" op die maatskappy se perseel. Op hulle beurt onderneem die vakbonde om nie intimidasie toe te laat nie.
* 'n Onderneming dat werkers wat onder die noodmaatreëls aangehou word, volle betaling sal kry.
* 'n Besluit om private arbitrasie eerder as die nywerheidshof te gebruik as 'n disputt opduik.
* 'n Onderneming deur die maatskappye om nie hul fabrieke na tuislande te verskuif om vakbonde te probeer ontwyk nie.

# Beswaarde mag appelleer

DAVID BRUCE, wat tot ses jaar tronkstraf gevonnis is vir sy weiering om militêre diensplig onder die "apartheidsregime" te doen, het dié week toestemming tot appèl gekry.

Regter JH Coetzee, wat die magistraat se oplegging van 'n verpligte vonnis bekragtig het, het in die Randse Hooggeregshof gesê dis moontlik dat vyf regters anders kan besluit. - Sapa.

*Ons kondig met trots aan dat 'n uitstalling van opwindende naïewe Afrika-kuns en -appliek vandag by ons galery begin*

ZONA

Grantlaan 64,
Norwood,
Johannesburg 2192

Tel: (011) 728-4154

ONS VERKOOP DIE ALLERBESTE INHEEMSE HANDWERK EN KUNS

Spesiale openingstye gedurende die uitstalling:
Maandag tot Vrydag: 9vm - 5nm
Saterdag 1 April: 9vm - 2.30nm
Sondag 2 April: 2.30nm - 7.00nm

## Die nostalgie van 'n Paarlse banneling:

# 'So nou en dan maak ons 'n bietjie boerekos'



Charlie Crail van die Paarl, wat nou in Kanada woon

Max du Preez

DIE temperatuur van 28 grade onder vriespunt kon geen indruk maak op die warmte wat uit Charlie Crail gestraal het nie.

Ek en Charlie het mekaar by 'n konferensie oor die Suid-Afrikaanse media in Kanada raakgeloop en mekaar net een kyk gegee voor ons Afrikaans begin praat het.

In sy huis in voorstedelike Regina met die baie sneeu op die dak en in die tuin het hy so nostalgies geraak soos seker net 'n Suid-Afrikaner in ballingskap kan raak. Oor die Kaapse berge, oor Afrikaans, oor die Bolandse bruin gemeenskap.

Charlie, skrywer, digter (in Afrikaans) en dramaturg, se storie is dié van baie ander Suid-Afrikaanse uitgewekenes. Aktiviste wat voor die stelsel moes uitwyk en nou in die koue sit en huis toe verlang.

Charlie is van die Paarl (hy praat nog van "die Kaapkolonie"). Hy het aan die Hoërskool Noorder-Paarl gematrikuleer, was 'n ruk lank by die Universiteit van Wes-Kaapland, het daarna 'n onderwysdiploma gedoen en selfs twee jaar gestudeer om 'n Anglikaanse priester te word voor hy as klerk by fabrieke begin werk en aktief in die vakbondwese beland het.

Sy betrokkenheid by Nusas en by gemeenskapsorganisasies en sy rol in die arbeidsveld het hom deeglik onder die aandag van die owerhede laat kom.

Toe dinge te warm word, gaan werk hy by die Anglikaanse kerk in Namibia.

"Hier het ek tussen die geledere van Swapo beland. Dit was vir my 'n belangrike tyd. Ek het ontdek politieke vergaderings hoef nie die soort ding te wees waaraan ons gewoond is nie - dat jy das en baadjie moet dra en Engels moet praat nie.

"Onder die leiding van Swapo het die Namibiese mense 'n baie hoë peil van politieke bewussyn bereik. Politiek was nooit 'n afsonderlike aktiwiteit nie; dit is deel van alles wat hulle doen.

"Party van ons het gevoel ons wil ons gewig agter Swapo en die mense van Namibia ingooi, en onmiddellik het ek weer in botsing met die owerhede gekom. Die gevolg was dat ek my uit die voete moes maak en ons het in Botswana beland. Daar was ek amper twee jaar lank voor ons Kanada toe is."

As jy terugdink aan jou kinderdae in die Paarl, wat onthou jy?

"Wat ek die meeste onthou, is die gemeenskap waarin ek grootgeword het, my ouers en grootouers, die samehorigheid onder die vroue wat probeer het om die families bymekaar te hou.

### Plaasarbeiders

"My grootouers aan beide kante was plaasarbeiders op wynplase, en die mense het bittermin geld verdien vir swaar werk. My ma en pa het na 'n beter lewe gestreef en dorp toe getrek. My pa het 'n ambagsman geword en goed geld gemaak en my ma was 'n fabriekswerker vir omtrent tien jaar. Toe my pa genoeg geld verdien het, het my ma by die huis gebly om kinders groot te maak.

"As ek terugdink, dan mis ek veral die Afrikaans wat gebruik is op skool, die Afrikaans wat op straat gebruik is. Die volheid van die taal. En tog, toe ek 'n opgeskote seun van so sestien was, het ek begin glo Afrikaans is eintlik die taal van die howe, van die kriminele aanklaers, van oorheersing.

"Maar ek het later al meer begin agterkom daar is meer aan die taal as net dit. Nou onlangs was ek in Ontario om met ander lede van die Kleurlinggemeenskap daar te gaan besoek. Ons het die gedigte deurgegaan van WEG Louw, ons het Winternag gelees van Eugene Marais, daar was soveel baie gedigte.

"Die meeste van dié mense praat net Engels - dis asof Afrikaans iets is wat hulle wil verwyder. Maar die meeste van die grappe wat hulle maak, het hulle herkoms in die Kaap, en as hulle dit in Engels vertel, verstaan niemand dit nie - net 'n Kleurling van die Kaap.

"Ek het vir hierdie mense gesê hoe noodsaaklik dit is om meer tyd te spandeer om hul kinders bewus te maak van die herkoms wat ons onsself het as Suid-Afrikaners. Dit is een van die grootste dinge. In my eie gesin sit ons elke week 'n dag of twee opsy waar daar net Afrikaans in die huis gepraat word.

"Aanvanklik, toe ons hier in Kanada aangekom het, het ek gevoel Afrikaans is verlore hier, dit speel geen rol nie.

"Maar vandat ek begin skryf het, het ek begin voel ek moet my meer uitspreek in Afrikaans. Al is my skryfmark Engels, vind ek dat al my stories hul oorsprong het in die Afrikaanse milieu.

"So, om jou vraag te beantwoord: my kinderdae was dae van pyn, hongerkry en swaarkry, maar aan die ander kant was dit ook 'n baie ryk tyd in my lewe en iets wat ek nooit sal wil verloor nie."

Is jy 'n Kanadees?

"Ek het Kanadese burgerskap uitgeneem, nie soseer vir myself nie, maar sodat my kinders moet voel hulle het 'n plek hier. Soort van versekering vir hulle. Maar hulle is ten volle bewus daarvan dat hulle in die eerste plek Suid-Afrikaners is."

Hoe moeilik was dit om in Kanada aan te pas?

"Well, hier is dieselfde geriewe as in die Kaap soos bioskoop, teater en TV. Maar daar was ook moeilikhede. Daar was kulturele verskille, verskille in die terms of reference, verskille in morele standaarde, dinge waaraan ons nie ons kinders wou blootstel nie.

"Somtyds was dit erg opdraend, maar dis sekerlik nie uniek nie.

"Daar was egter ook wonderlike voordele. Die gemeenskap hier is soveel oper en vriendeliker. Ons het onsself nou so ingerig hier op die westelike Prairies dat ons oral vriende in die provinsie het. Ons is dus nie geïsoleer nie."

Wat skryf jy?

"Hoofsaaklik kortverhale, veral vir die Canadian Broadcasting Corporation. Na 'n kursus in skeppende skryfkuns aan die plaaslike universiteit het ek heelwat radiodramas geskryf. Ek het ook al toneel gespeel. Tans is ek besig met 'n workshop met 'n radiodrama wat ons vir TV wil verwerk. Dit gaan hoofsaaklik oor die gemeenskappe waarin ek gelewe het.

"Ek het al verskeie kere probeer om oor Kanada te skryf, maar dit is beter om jouself leeg te maak van dinge wat vir jou belangrik is, en dit te deel met Kanadese. Ek het ook 'n kursus in joernalistiek gedoen, en skryf nou heelwat vryskutartikels oor Suid-Afrika, maar ook oor Kanada."

### Mense

Wat mis jy die meeste van die huis hier in die koue?

"Wat ek die meeste mis is die mense. Ook die bergpieke om die Paarl. Die groeiende musiek, die groeiende taal wat nooit staties is nie.

"Wat ek nié mis nie is die baasskap, die alomteenwoordige onderdrukking wat jou heeldag en aldag in die gesig staar."

Is jy vryer in jouself hier as by die huis?

"Ja, ek dink so. In my wese is ek vryer. Nie dat Kanada so vry is as wat 'n mens hoop hy sou wees nie. Daar is beperkinge, daar is vooroordele teenoor sommige groepe. Dit is baie moeilik hier vir swartmense om werk te kry, die rassisme teen Indiane, ens. Maar natuurlik word dit nie ondersteun deur die gereg nie."

Is jy bitter teenoor die Afrikaner?

"Nie teenoor die Afrikaner as persoon nie. Selfs die boer wat na sy koringlande kyk, of die wynboer van die Westelike Provinsie - as mens het hy die moontlikheid binne homself om 'n nuwe persoon te word. Wat hom kniehalter is die owerhede.

"Ek het in Suid-Afrika met baie boere gewerk. In sommige gevalle het ek goeie vriendskappe gemaak. Maar daar het altyd verwydering gekom, en dit was hoofsaaklik deur die regering se beleid."

Lees en eet julle Kanadees?

"Ja, seker meerendeels. Maar so nou en dan maak ons so 'n bietjie boerekos.

"Ek maak 'n spesiale poging om altyd inligting oor SA in te win sodat ek kan tred hou met gebeure in my moederland. Ons is ook nog in goeie kontak met ons mense daar. Skryf, en so een of twee keer 'n maand bel ons."

Wat moet gebeur voor jy jou gesin sal terugvat huis toe?

"Ons sal terugkom wanneer daar 'n nuwe regering is, 'n regering wat gekose is deur die hele volk, wit en swart.

"Wanneer ek weet ek kan my kinders terugvat en hulle kan voel hulle is nie minderwaardig nie. Dat hulle die versekering het dat hulle die beskerming het van die wette van die land.

"Wanneer ek kan gaan en deelneem en bydra aan die kulturele ontwikkeling van die mense van my land."

# Kanadese hoteleienaar verbied Indiane

Max du Preez

HALIFAX (Kanada) - Die meeste Kanadese meen rassisme in hul land is aan die toeneem - en gebeure die afgelope twee weke hier is deeglike bewys daarvan.

Op dieselfde dag dat die Kanadese regering 'n veldtog teen rassisme geloods het om saam te val met die herdenking van die Sharpeville-bloedbad in Suid-Afrika en die Internasionale Dag vir die Uitwissing van Rassisme, het die eienaar van 'n groot hotelgroep in die provinsie Nova Scotia aangekondig dat hy nooit weer groepe Indiane in enige van sy hotelle sal toelaat nie.

Dié verbod was nie juis voorbladnuus in Kanadese koerante nie.

Don Keddy, eienaar van Keddy's Motor Inns, het die verbod op Indiane geplaas nadat drie Indiane-hokkiespanne glo heelwat skade in een van sy hotelle aangerig het tydens 'n partytjie ná 'n toernooi.

"Dit is altyd die inboorlinge," (natives, soos Indiane hier genoem word), het Keddy gesê. "Ons gaan hulle nie weer in ons geboue toelaat nie. Hulle gaan nie my besigheid vernietig en my klante ontstel nie."

Keddy, wat met 'n plaaslike regter getroud is, het gesê hy gee nie om as mense sê sy stap is diskriminerend nie. "Ek gee nie 'n duiwel om nie. Laat hulle maar diskriminasie skreeu. Ek vat nie meer kanse nie."

Dan Christmas, woordvoerder van die Unie van Indiane van Nova Scotia, se reaksie was dat Keddy "nie dienste aan 'n hele klas van mense kan weier weens die gedrag van 'n paar individue nie".

'n Plaaslike Indianeleier, hoofman Goo Goo, het gesê daar is min verskil in die behandeling wat Indiane in Kanada kry en die behandeling wat swartmense in Suid-Afrika kry.

Dit is waar in die geval van alledaagse diskriminasie en van die armoede in die Indiane-reservate wat niks beter daaraan toe is as die Suid-Afrikaanse tuislande nie, het hy gesê.

In 'n regeringsverslag wat verlede week in Ottawa vrygestel is, sê die minister belas met etniese sake, Gerry Weiner, dat die regering die leiding sal neem in die veldtog teen rassisme, maar hulle moet die steun kry van die regstelsel, die media, onderwysinstellings en die publiek.

'n Gallup-opname wat hier gepubliseer is, het bevind dat twee derdes van die Kanadese bevolking glo rasse-vooroordeel in hul land het toegeneem en hulle glo dit gaan verder groei.

"Rassisme in Kanada is nie nuut nie, dis net dat dit nou op die lappe kom," sê Joseph Manyoni, 'n swart sosioloog-professor aan die Carletonse Universiteit. "Heelwat nie-blankes kla nie oor rassisme nie. Hulle lewe maar daarmee saam. Dit gee die indruk dat daar nie 'n probleem is nie."

Kanada is die afgelope tyd geruk deur verskeie brutale voorvalle van rasse-konflik, soos die onlangse bloedige botsings tussen wit in swart skoolkinders in Nova Scotia.

Verlede maand het 'n sielkunde-professor van Wes-Ontario, Philippe Rushton, heelwat woede onder Indiane en swart Kanadese veroorsaak toe hy in 'n studiestuk beweer het dat swartmense geneties minderwaardig is teenoor witmense.

Asof dit alles nie genoeg is nie, is die etniese konflik tussen Frans- en Engelssprekende Kanadese besig om weer kwaai op te laai.

Die premier van die Franssprekende provinsie, Quebec, het heelwat emosie onder Engelssprekendes gaande gemaak met sy onlangse beslissing dat groot winkels in Quebec nie meer aanwysingsborde en plakkate in Engels mag vertoon nie, maar slegs in Frans.

Die Frans-Engelse konflik word daagliks in die koerante hier gerapporteer en heelwat emosionele briewe word gereeld geplaas.


**UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD**

**Arbeidsreg-eenheid**

**KONFERENSIE**

**GEDWONGE VERSKUIWINGS EN DIE REG IN SUID-AFRIKA**


**Sondag 16 April - Dinsdag 18 April 1989**

**Onderwerpe van bespreking sal insluit:**

- die geskiedenis van die plattelandse grondstryd en verstedeliking
- die Wysigingswet op die Voorkoming van Onwettige Plakkery van 1988
- onlangse gevalle - Port Nolloth, Lawaaikamp, Moutse & Botshabelo
- die Groepsgebiedewet
- die rol van plaaslike owerhede in die gedwonge verskuiwings
- plaasarbeiders

**Sprekers sluit in: Geoff Budlender, Colin Bundy, Aninka Claassens, Nicholas Haysom, Beattie Hofmeyer en Charles Simkins**

**Alle navrae kan gerig word aan Zaida Dinaully of Kate O'Regan by die Arbeidsreg-eenheid (021-6503709) (faks 021-650-2521)**



# So belaster ons ander in Sy naam

Elsabé Wessels

'N SMEERVELDTOG teen Suid-Afrikaanse kerkleiers word gevoer in 'n Amerikaanse tydskrif wat deur die United Christian Action-groep (UCA) aan 350 000 Suid-Afrikaners, onder andere teoloë, politici en sakelui, gepos is.

Die tydskrif het sterk bande met Amerikaanse aartsverkramptes, onder andere Donald McAlvany, wat in Amerika as "'n vriend van Suid-Afrika" bekend staan, en noue bande met die Suid-Afrikaanse Buro vir Inligting het.

In 'n reeks artikels oor bevrydingsteologie waarin die Christenskap van kerkleiers in twyfel getrek word, loods die tydskrif heftige aanvalle op drs Allan Boesak, Beyers Naudé, Nico Smith, aartsbiskoppe Desmond Tutu en Denis Hurley, en eerw Frank Chikane.

Die tydskrif, Family Protection Scoreboard, wat elke drie maande in Suid-Afrika versprei word, bevat ook 'n foto en aanhalings van die ANC-leier Nelson Mandela. Volgens 'n nuusbrief van UCA is meer as 'n miljoen wêreldwyd versprei.

Prof Willem Joubert van Unisa het hierdie week die aantygings wat teen die kerkleiers gemaak word, as lasterlik beskryf. Hy het ook gesê dat die voorblad - met 'n figuur wat half-Jesus half-soldaat is - godslasterlik is.

Die glanstydskrif van 56 bladsye, wat in Amerika gedruk word, word vanaf UCA se Pretoria-hoofkwartier in Mendelsohnstraat, Waterkloof-Glen, versprei.

Die kantoor word beman deur Gunnar Wiebalck, 'n Duitse joernalis wat reeds vyf jaar onder die UCA-vaandel in Suid-Afrika werksaam is.

Posgeld in Suid-Afrika vir die verspreiding van die 350 000 tydskrifte moes soveel as R140 000 beloop het. Wiebalck sê dat donasies van intekenare UCA se onkoste dek, maar tientalle mense wat die tydskrif ontvang en met wie Vrye Weekblad gepraat het, ontken egter dat hulle ooit daarop ingeteken het of enige donasies gemaak het.

Wiebalck het ontken dat UCA 'n geheime organisasie is. Hy het op navraag erken dat UCA nóú saamwerk met Donald McAlvany, 'n Amerikaner wie se werkwyse in Washington as sogenaamde "vriend van Suid-Afrika" sterk onder verdenking staan.

Wiebalck werk ook nou saam met die voorsitter van die sogenaamde Conservative Caucus Inc, Howard Philips, wat hom maande lank al daarop toespits om die vredespoging in Namibia te verongeluk omdat dit volgens hom 'n "kommunistiese inisiatief" is.

Onder die McAlvany/Philips-vleuel word duisende dollars jaarliks bestee om Amerikaners na Suid-Afrika te bring om "hulself te vergewis van die kommunistiese geo-politieke aanslag" teen Suid-Afrika.

Dié besoeke, wat met die hulp van die Buro vir Inligting geskied, kry gewoonlik wye nuusdekking op SATV.

UCA en die McAlvany/Philips-groep word regstreeks in Suid-Afrika geassosieer met die befondsing van verskeie organisasies wat bekend is vir hul propaganda teen die werksaamhede van die anti-apartheidsbeweging binne en buite Suid-Afrika.

Ingelyf onder UCA is die Frontline Fellowship, Victims against Terrorism, Vroue vir Suid-Afrika, German South African Friendship Association, Rhodesia Christian Group, SA Catholic Defence League, Reformed - Independent Churches Association en die Bet-el Group of Ministries.

Dié organisasies is bekend vir hul skakeling met konserwatiewe godsdienstige en politieke bewegings in Amerika en Europa.

Op 'n vraag oor die werksaamhede van UCA het Wiebalck gesê die organisasie beywer hom om die invloed van die tradisionele kerke (Anglikane, Katolieke, Metodiste ens) in Suid-Afrika te "elimineer".

Hulle beywer hulle om veral buitelandse fondse aan anti-apartheidsgroepe gestaak te kry. As 'n voorbeeld vir die organisasie se "sukses" het hy daarop aanspraak gemaak dat Europese fondse deur hulle toedoen aan die koerant New Nation onttrek is.

Op die vraag of hy apartheid nie onchristelik vind nie, het Wiebalck gesê die verset teen apartheid is net die front vir 'n "kommunistiese aanval op die kapitalisme".

Hy sê daar is min ondersteuning vir die kommunisme in Suid-Afrika. Volgens die tydskrif-artikel is Suid-Afrika se voorste kerkleiers egter voorstanders van die bevrydingstryd en kommunisme.

Op 'n vraag of hy die tydskrif se standpunt steun dat Tutu kommunisme goedkeur, het Wiebalck gesê hy dink nie dit kan aan Tutu gekoppel word nie. "Die hele artikel kan nie as gevolg van 'n paar foute afgemaak word nie."

In 'n biografie oor elk van die kerkleiers word hul Christenskap onder verdenking geplaas.

Hy sê die SARK finansier die revolusie in Suid-Afrika onder Chikane se leiding. Hy beskuldig Nico Smith daarvan dat hy verbruikersboikotte in die townships aanvuur.

Oor Naudé sê Balsiger dat hy burgerlike verset aanwakker wat dikwels lei tot geweld.

Prof Dawid Bosch van Unisa het die tydskrif as "ooglopend eensydig" afgemaak. "Die kwaliteit en inhoud van die artikels staan sterk onder verdenking. Daar is duidelike politieke motiewe daaragter."

## PW, gee ons water asseblief

Elsabé Wessels

HAGLIKE toestande heers in die Suidoos-Transvaalse township Siyathemba, waar 33 000 inwoners nie 'n druppel water in hul krane het nie.

Die waterkrisis duur reeds maande lank sonder dat plaaslike of provinsiale owerhede, ondanks talle versoeke, enigiets aan die saak doen.

Uit desperaatheid het die inwoners van Siyathemba, wat twee kilometer van die wit woongebied van Balfour is waar water vryelik vloei, hulle nou op die Staatspresident beroep.

Op 'n noodvergadering wat dié week in Siyathemba gehou is, is 'n petisie opgestel waarin vertoë tot die Staatspresident gerig word om onmiddellik in te gryp.

Vir langer as 'n jaar al is daar nie lopende water nie en is inwoners afhanklik van die wisselvallige lewering van water deur munisipale watertrokke.

'n Woordvoerder en prokureur vir die inwoners het die toestand dié week as "haglik" beskryf. Maagkoors neem toe en bejaardes loop ver en wag ure lank op die watertrokke.

Huisbewoners met spoeltoilette moes inderhaas putte grawe. Inwoners het al van die werk af weggebly in 'n poging om hul watervoorraad aan te vul, sê Vusi Sibeki, 'n veldwerker van die Suidoos-Transvaalse Raad van Kerke.

Water is in die wit woongebied, buiten vir 'n verbod op tuinslange, vryelik beskikbaar. Township-inwoners wat van die wit dorp se water probeer gebruik maak, word verjaag. Twee kerke het hul krane verwyder om te verhoed dat hul water gebruik word, sê Sibeki.

Ondanks die feit dat daar geen water in Siyathemba is nie, ontvang sommige inwoners steeds hoë waterrekeninge.

Dié saak is deur die gemeenskap se prokureur, Pieter Oosthuizen, ondersoek. Volgens Oosthuizen is voorvalle aangemeld van beweerde intimidasie deur amptenare van die swart dorpskomitee teen inwoners wat nie hul "waterrekeninge" betaal het nie.




'n Protesvergadering op Braklaagte teen inlywing by Bophuthatswana, Braklaagte se hoofman Sebogodi sit regs

*Foto: Gill de Vlieg*

# Julle word ons burgers of ...

Elsabé Wessels

POLISIE van Bophuthatswana het dié week hardhandig toegeslaan op inwoners van die Wes-Transvaalse nedersetting Braklaagte wat hulle op Suid-Afrikaanse burgerskap beroep en teen inlywing in die tuisland gekant is.

Braklaagte, wat 20km buite Zeerust geleë is, is op 31 Desember verlede jaar ondanks hewige verset van die gemeenskap deur 'n verskuiwing van grenslyne in Bophuthatswana ingelyf.

Braklaagte-inwoners het met die implementering van die tuislandbeleid almal hul Suid-Afrikaanse brugerskap verloor. Die wetgewing wat swart Suid-Afrikaners outomaties hul burgerskap ontneem het, is in 1986 herroep, en Braklaagte se inwoners het hulle op Suid-Afrikaanse burgerskap beroep.

Nadat inwoners en polisiemanne dié week slaags geraak het, is sowat 100 inwoners, onder andere stamlede van kaptein Pupsey Sebeogodi, die leier van die plaaslike jeugklub, en 'n Apostoliese dominee in hegtenis geneem.

Volgens 'n Black Sash-veldwerker is verskeie aangehoudenes aangerand en is aangehoudenes aanvanklik regsverteenwoordiging geweier.


Altesaam 65 inwoners het Woensdag in die landdroshof op Lehurutse verskyn op aanklag van openbare geweld, brandstigting en saakbeskadiging. Daarná is 23, onder wie vroue en kinders onder 18 jaar, op borgtog vrygelaat.

Volgens die veldwerker het die tuislandpolisie se intimidasie van Braklaagte-inwoners begin nadat die gemeenskap op 10 Maart 'n hofaansoek teen inlywing verloor het.

In hofstukke het die gemeenskap gesê hulle vrees vervolging van die Bophuthatswana-polisie indien hulle by die tuisland ingelyf word.

Sedert die hofuitspraak het Bophuthatswana-polisie 'n polisiekamp in die middel van die gebied asook 'n padblokkade by die ingang van die gebied opgerig.

# Outydse Chevvies en Russiese motors in vervalle Kuba


'n Kubaanse verkeersman hou die verkeer dop

**'n Joernalis van Radio 702-nuus, MARITA EAGER, het onlangs 'n kort besoek aan Kuba afgelê. Hier gee sy van haar indrukke**

NA 34 uur se gevlieg en rondsit op lughawens het vlug 945 van Iberia uiteindelik op Kuba se Jose Marti-lughawe geland.

Doeane en paspoortbeheer is 'n langdradige proses, veral eenuur die nag. Vir 'n ongeduldige Suid-Afrikaner was dit die eerste smakie van 'n baie stadige burokrasie.

Toe ek uit die vliegtuig stap, was my eerste gedagte dat ek 'n tree terug in tyd geneem het en myself in die vyftigerjare bevind - die parkeergronde was vol 1952 Chevvies, Fords, Buicks, en natuurlik 'n hele klompie blink Russies-vervaardigde motors.

Dae later, in 'n ou taxi deur die strate van Havana, kon ek nog nie daardie gevoel afskud nie.

Die pragtige Spaanse huise van ouds het opknapping broodnodig, en baie is amper onsigbaar agter die wasgoed wat by die vensters uithang.

Tog is Havana 'n skoon stad. Selfs die krotbuurte is netjies en die strate rommelvry.

My amptelike gids in Havana het die heeltyd die gewese ryk en arm buurte probeer uitwys, maar 30 jaar na die revolusie lyk al 15 munisipaliteite van Havana dieselfde ... afgerem en uitgetorring.

Die gevolge van Castro se beleid is nie dadelik so ooglopend nie, maar ná 'n rukkie het ek besef daar is geen koerantverkopers of vrugtestalletjies nie, niemand wat aanbied om jou skoene te poets of jou bagasie te dra nie ... daar is geen teken van private inisiatief nie.

Die winkels in Havana is vervelig en oninteressant en bied werklik net die basiese gerantsoeneerde benodigdhede. Die rye mense buite die winkels wag nie om die basiese benodigdhede te koop nie, maar eerder vir daardie skaars artikels waarvan daar nooit genoeg is nie.

Een middag in die middestad het ek gesien hoe omtrent 30 vroue buite 'n materiaalwinkel in 'n tou staan om materiaal te koop wat pas afgelewer is.

Om in 'n tou te staan en wag vir die bus is ook deel van die alledaagse lewe in Kuba. Daar is 'n groot tekort aan busse en veral in die oggende en aande is hulle stampvol. Mense moet dikwels wag dat die bus 'n tweede keer terugkom om 'n plek te kry.

Na my Kubaanse ondervinding lyk die Suid-Afrikaanse burokrasie nie so sleg nie. Alles in Kuba is gehul in rondslomp en die burokratiese wiele draai baie stadig. Die staatsdiens is enorm en Havana se strate is vol baie belangrike regeringsamptenare wat verseker dat die burokrasie aan die gang bly.

By so te sê elke verkeersaansluiting is 'n verkeerskonstabel wat in 'n houthut sit op die uitkyk vir oortreders.

Die Kubane is egter baie vriendelik en vat die lewe soos dit kom ... Ek het baie gou geleer dat as my gids sê hy kom haal my agtuur, hy eintlik nege-uur bedoel.

Die ou gedeelte van Havana bestaan uit keisteenstrate en 17e-eeuse geboue. Dit is die oudste gedeelte van die stad en 'n groot toeriste-attraksie.

Kuba probeer wanhopig om sy toerismebedryf te ontwikkel en beskik oor die potensiaal om dit te kán doen.

Buite Havana is daar pragtige, uitgestrekte strande en 'n helderblou see. Een van die grootste toeriste-attraksies is Varadero. Die Kubaanse regering beplan om meer sulke plekke te ontwikkel.

Ek het ook darem 'n smakie gekry van die naglewe in Kuba ... 'n belangrike deel van die inwoners se lewens. Ek het 'n kabaret-vertoning bygewoon - alles in Spaans en met oorweldigende kostuums.

Die atmosfeer in die klub was baie lewendig en niemand het juis opgemerk dat een van die danseresse se bra afgeval het en dat 'n danser 'n danseres laat val het nie.

Restaurante is maar dun gesaai in Havana. Ek het die bekende La Bodeguita - Hemingway se uithangplek - besoek en gevind dat dit een van Havana se gewildste restaurante is. Die lang tou mense buite het daarvan getuig.

Die kos was smaaklik en baie goedkoop. Ek het 'n heerlike Kubaanse boondis, slaai en 'n patat-nagereg bestel, en saam met die wyn het dit my omtrent R13 gekos.

Ek is Kuba toe as 'n joernalis om verslag te doen oor die Gesamentlike Monitorkomitee en Johan Papenfus se vrylating. Ek het gevra vir 'n onderhoud met Fidel Castro en miskien met die kinders uit Namibia wat daar skoolgaan. Die versoek is van die hand gewys, en ondanks die rooi tapyt-behandeling, was die vyf dae in Kuba baie gestruktureerd.

Dit was baie duidelik dat die outydse styl van kommunisme steeds onaangeraak is en dat die regering beheer oor alles uitoefen - behalwe godsdiens.

Selfs met die Sowjet-leier Mikhail Gorbatsjof se besoek dié naweek, het ek geen teken gesien van 'n tropiese glasnost wat Kuba getref het nie.

# Die horlosie begin tik op 1 April

**JIM FREEMAN skryf oor die aanloop na onafhanklikheid in Namibia**

WINDHOEK - 'n Helde-ontvangs word vandag hier verwag vir Matti Ahtisaari, die VVO se spesiale verteenwoordiger vir Namibia - wat môre begin om die Veiligheidsraad se Resolusie 435 in dié land te implementeer.

Dit is egter omtrent al seremoniële gebeurtenis wat die nuwe tydvak sal inlui. Dié week was die senior-offisiere van Untag nog besig om te stry oor hoe die geleentheid aangebied moet word.

'n Hysing van die VV-vlag is buite die kwessie, het die direkteur van Ahtisaari se kantoor, Cedric Thornberry, dié week aan die media gesê.

"Die wêreldliggaam neem nie Namibia op 1 April oor nie. Maar dis nie weer 'n VV-operasie wat teen die ewigheid afspeel nie. Die horlosie begin tik op 1 April en ons word deur die tyd gedryf."

Thornberry verwys hier na die spertyd van 1 November vir verkiesings in Namibia.

Ahtisaari se aankoms volg kort op 'n hele aantal internasionale vlugte - insluitende die eerste Russiese Aeroflot-vliegtuig wat in Namibia geland het - met soldate, amptenare en toerusting om die onafhanklikheidsproses te monitor.

Teen Woensdag was byna 1000 van die 6000 Untag-soldate op hul poste, maar volgens Thornberry was die implementeringsproses sowat twee weke agter skedule.

"Dit is waarskynlik die ingewikkeldste taak wat die VV nog onderneem het. Logistiek is dit beslis die moeilikste sover."

Hy het gesê een fase van die onafhanklikheidsplan is voor skedule.

Volgens Resolusie 435 behoort Namibia se geskatte 58 000 vlugtelinge en uitgewekenes teen die begin van Mei te begin terugkeer. Mense stroom egter reeds die afgelope week terug oor die Angolese grens.

Die VVO se High Commission for Refugees is reeds in Zambië en Angola om die uitgewekenes te registreer en voorbereidings vir hul terugkeer te tref.

Die VVO en die World Food Programme sal bystand verleen by die noordelike ingangspunte by Ruacana, Oshikongo, Rundu en Katima Mulilo.

Hoog op Untag se prioriteitslys, het Thornberry gesê, is die verwydering van Namibia se oorblywende diskriminerende wetgewing - insluitende die gehate Proklamasie AG 8 van 1980, wat die gebied se elf etniese groepe die reg gee om geriewe op rasse-grondslag apart te hou.

Volgens Thornberry het 'n regsadviseur van die VV aan die begin van Maart in Namibia aangekom vir oorlegpleging met Administrateur-Generaal Louis Pienaar, asook met die regsgemeenskap.

"Ons het reeds 'n voorstel voorberei wat ons kan begin bespreek sodra die implementering (van Resolusie 435) begin - oor verskeie artikels of wette wat ons dink diskriminerend of beperkend kan wees."

Die voorsitter van die Europese Kommissie vir Menseregte, Carl Norgaard van Denemarke, behoort binne twee weke in Windhoek aan te kom vir mediasie in die vrylating van politieke gevangenes.

Norgaard sal afsonderlik van die VV optree, het Thornberry gesê.

Die pad na die implementeringsdatum, 1 April, was nie sonder struikelblokke nie. Baie wit Namibiërs neem aanstoot aan die teenwoordigheid van die VV-soldate, en voel dat hulle land van hulle weggeneem word.

Die lelikste manifestasie van hierdie vyandige gevoelens was die rusie in Tsumeb verlede naweek, waar agt Untag-lede deur sowat twintig wit Namibiërs ná 'n rugby-wedstryd toegetakel is.

Maar intussen gee die wit Namibiërs nie om om groot geld uit die oorsese gaste te maak nie.

- Namibian Press Centre


# Vrye Weekblad

**Is jy die soort wat alles sluk wat vir jou gevoer word?**

Is jy tevrede dat ander mense namens jou besluit wat jy moet glo?

As jou antwoord "ja" is, moet jy asseblief nie die vorm hieronder invul nie. Dit sal jou baie ongelukkig maak om elke week Vrye Weekblad te lees.




Om seker te maak jy kry Vrye Weekblad elke week, stuur die vorm aan ons en ons gee jou sommer 15% afslag. Dit sal jou R52 (AVB ingesluit) kos om vir 'n jaar in te teken, en R28 (AVB ingesluit) vir ses maande. Stuur dit aan: Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.

Ek wil graag vir 6/12 maande op Vrye Weekblad inteken en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir.

R ..........................................

Naam: ..........................................

Adres: ..........................................

..........................................

..........................................

**ONS STEEK NIKS WEG NIE**

# PW bewys: die politiek betaal!




STAATSPRESIDENT PW Botha se naam verskyn al vir ten minste die afgelope drie jaar op 'n private lys van Suid-Afrikaanse miljoenêrs wat opgestel word deur 'n bekende handelsbank. Aangesien Botha sy hele lewe aan die politiek gewy het - hy het nog nooit 'n "werk" gehad nie - is dit klinkklare bewys: die politiek kan nog in hierdie dae 'n heel betalende loopbaan wees. Mag dit vir vandag se jongmense 'n aansporing wees.

Dink net: Belastingvrye toelaag, gratis woning in die Kaap, gratis woning in Pretoria, gratis Mercedes, gratis vliegtuig, gratis etes, gratis mediese behandeling, gratis bediendes, vakansie-huis by die see en elke jaar 'n gratis vakansie by die Troskies.

* So gesien, kan hy daardie hele vet salaristjek elke maand net so in sy spaarboekie plaas. En na veertig jaar, siedaar! En dan nog belastingvrye gratifikasies ook as jy jou titel verander. Nie sleg vir 'n party-organiseerder nie, of hoe?

## 'n Vreemde rekord

Vrye Weekblad hou 'n rekord wat hy nie regtig sou wou hou nie. Die deposito van R20 000 wat die minister van Justisie, Kobie Coetsee, nou van die nuwe Durbanse koerant, The New African, vra, is steeds R10 000 minder as die R30 000 wat Kobie van Vrye Weekblad gevra het. Ons R30 000 was die grootste bedrag wat ooit vir 'n registrasie-deposito gevra is.

* Ons lesers het nou al 19 weke gehad om te oordeel. Dink julle regtig Vrye Weekblad is 'n "bedreiging vir staatsveiligheid"? Of is ons net 'n bedreiging vir die arrogante, korrupte NP-kliek?

## Barend en die Army

Die Suid-Afrikaanse weermag is 'n duur weermag. Dis soos 'n diep, donker put waarin die belastingbetaler se geld in lorrievragte gestort word.

Dis dan ook nie vreemd nie dat die generaals glo sê daar is net een soort politikus wat hulle regtig nodig het: 'n minister van finansies wat nie met die weermag moeilikheid maak nie en die belastingbetalers aan die betaal hou.

Onder Brolloks se sakevriende in die weermag word gesê die army hou van Minister Barend. Met so 'n man in die Presidentstoel sal hulle maklik kan saamleef. Hy het so 'n mooi skoon, oop gesiggie en dan praat hy nog so mooi Engels ook. Vir die sakemanne van Sandton en Lynnwood en Midrand wat met die Krygkorkontrakte werk, sal hy nooit 'n verleentheid aan tafel wees nie.

Mens kan hom selfs bel en vra om die manne by die Reserwebank en die Ontvanger te jaag as hulle nie met hul ondersoeke kan klaarkry nie.

Nou verneem Brolloks Barend het toe weer vanjaar die dag na sy Begroting opgevlieg na sy kiesafdeling vir sy tradisionele goue gans-ete met bevriende sakemanne. Die sakemanne het elk R250 betaal vir 'n bra gewone bord kos in Roodepoort se Ruimtesig-klub. Dit vir Barend se ete-toespraak en sy kiesafdelingfondse.

En toe raak die minister halfpad deur sy toespraak skielik emosioneel: hy voel persoonlik die Nasionale Party het nou regtig nie mooi gemaak met ons geliefde Staatspresident nie. Hy neem veral die provinsiale leiers kwalik dat dit gebeur het. Hulle moes gekeer het, sê hy soos hy die emosie wegsluk.

* Barend, beteken dit dat as jy pleks van FW leier geword het, die "lelike" dinge nie sou gebeur het nie? Wat probeer jy eintlik sê?

## Klein Pietie en die Ontvanger

So van flinke diens by die Ontvanger gepraat: Jong Johan du Plessis, oud-minister Pietie se seun, het toe einde verlede jaar, behalwe sy ander probleme met die Sondagkoerante en die Advokaat-Generaal, ook probleme met die Ontvanger. Dié wou so waar as wragtie R1,3 miljoen belasting hê op winste wat Du Plessis sou gemaak het toe hy uitverkoop het uit Natprops.

* Daar is haastig regsadvies ingewin, maar Bittergal is bly om te verneem dat dit skaars nodig was. Ná 'n besoek aan die Ontvanger, het Du Plessis nie meer belastingprobleme nie.

## Fidel en generaal Jannie

Hoe het die wiel darem nie gedraai nie! Generaal Jannie Geldenhuys, hoof van die weermag en leier van die invalsmag wat die Kubane in 1975 in Angola aangevat het, is verlede week saam met Neil van Heerden, direkteur-generaal van Buitelandse Sake, deur president Fidel Castro van Kuba op 'n private ete onthaal.

* Waar is die dae dat Fidel gesien is as een van die groot, bloeddorstige monsters agter die Totale Aanslag? Hoor wat sê Van Heerden van hom: "Hy was deurgaans hoflik en beskeie - selfs byna sjarmant."

## 'n Regte boerebelegging...

Hou die Beurs in die komende maande dop vir die herrysing van 'n ou feniks, Lanchem. Dit was destyds nog Louis Luyt se skippie. Toe is dit een van vriend Naas Ferreira se "baie belowende" aankope vir Turf Holdings (nou onder geregtelike bestuur).

Lanchem is nou uit die Turf-boedels verkoop. Na verneem word is die vrou van Zirk Engelbrecht, ongerehabiliteerde insolvent en voormalige bestuurder van Turf-sake en verkoopsman van Turf-aandele, besig om verskeie eiendomme en dinge in Lanchem in te "reverse" ter voorbereiding van 'n terugtog na die beurs.

* Dit klink voorwaar soos 'n regte boerebelegging.

## Rozanne die satirikus

Ons gaan jou mis, Rozanne. Jy was al rede waarom Brolloks en Bittergal nog Beeld gekoop het. En nou is jou dierbare ou rubriekie ook daarmee heen.

Mag ons 'n ietsie aanhaal uit jou vaarwel-rubriek dié week?

"U weet, dalk klink ek melodramaties, dalk het ek soms oorvereenvoudigde stellings gemaak, maar ek sê weer soos in 'n rubriek of wat gelede: Die lewe, die essensie daarvan, is eintlik tog só eenvoudig. Dalk klink dit naïef, maar ek wil hê u moet dit weet."

Haai, is dit nie móói nie?

* Jy weet, Rozanne, baie mense het jou onderskat. Ek wed jou niemand het geweet jy is in staat tot skerp satire nie!


Soos die stukkie dié week oor die wit Bybeltjie wat jou pappa vir jou gegee het met die woorde voorin: "Op die pad van geregtigheid is lewe, en die rigting van dié pad is onsterflikheid."

## Harde, siniese woorde

Van Beeld gepraat. Die hoofartikelskrywer van Woensdag dié week kry hiermee die Jimmy Kruger Toekenning vir Deernis. Ons haal aan:

"Die besluit om alle eetstakers in die toekoms na die Pelonomi-hospitaal by Bloemfontein te stuur, maak om sekere praktiese redes sin.

"Die ongerieflikheidsfaktor van die vooruitsig dat hul regsverteenwoordigers en familie slegs dáár tot die eetstakers toegang sal hê, kan dalk onaantreklik genoeg wees om voornemende eetstakers af te skrik."




**Vrye Weekblad se Teken FW-kompetisie het al veel plesier opgelewer, maar hierdie poging van die sewejarige Niel Horn van die Strand vat die koek. Ons plaas volgende week nog een van sy bydraes. (Arme Marike!)**

# Hasie se stertjie, Volksheld se vingertjie




**Egbertus Klaagvoort**

THE moving finger writes, geliefdes, and having writ moves on. So mymer Omar Khayyam. En dis so te sê waar van die Volksheld se veelbesproke Vinger. Wanneer laas is ons vergas op die wikkelpassies van Groot Lidmaat se grootse ledemaat? (Nou praat ek nie van die Groot Karwats nie, dié behoort aan 'n volksheld van 'n ander geur.)

Soos met Hasie se stertjie vra ek: wat het van die vingertjie geword? Egbertus se teorie oor die gevalle vinger is dat dit met die siekebed niks te make het nie: nee, die Volksheld hou sy vinger voltyds in die dyk, soos die klein knapie destyds, om 'n oordonderende vloedgolf van korrupsie te stuit.

En soos destyds lek-lek dit maar by die skrale verstopping verby.

'n Ander nut vir die Moving Finger is om sertifikate te onderteken. Voorwaar ek sê vir julle, lankmoediges, ons leef in 'n tyd van sertifikate. As jy 'n Volksheld is, met invloed of te not, kan jy met 'n goed berekende sertifikaat die wolf van die deur hou. Of die Hooggeregshof van die Weermag, same difference.

Niemand twyfel seker meer daaraan dat ons vreesbevange opperheersers die vreeslose onafhanklikheid van die howe vrees nie. Dis nie om dowe neute dat die Staatmaker van Wet en Orde soveel gedinge buite die hof skik nie: te veel kom op die lappe as getuienis in die hof teen die polisie afgelê word.

om dieselfde rede word kwytskeldings deur die Volksheld aan soldate gegee nadat 'n PG besluit het om moordsake teen hulle hof toe te neem.

In die proses maak 'n "staatshoof" aanspraak op goeie trou wanneer hy beslis dat 'n man wat by 'n vergadering op 'n sokkerveld brutaal vermoor word "ter bekamping van terrorisme" gesneuwel het; en bisar soos dit mag klink dat 'n sokkerveld nou 'n "operasionele gebied" kan wees. (Miskien wel 'n rugbyveld, wanneer Agtertang teen Goodwood speel ...)

Egbertus voel kriewelrig om sulke sluwe politieke goëlary met Skoon Administrasie te vereenselwig. Om dit meer delikaat te stel, verfyndes: dit stink.

Pragtig ironies dan, poetic justice to be sure, dat dit juis die Namibiese Hooggereghof is wat sê dat die Volksheld nie te goeder trou opgetree het nie. Dis alles goed en wel om jou soldate te wil beskerm, sokkervelde beleef immers gevaarliker dinge, maar moet "'n volksleier" vergrype soos moord onder die mat invee?

Daardie mat is al gruwelik oorbevolk, julle weet. Kyk net die bekende gesiggies wat daaronder uitloer. Gee 'n mens koue rillings oor die Volkheld se oordeel: hy het darem vriende gemaak met 'n ganse bataljon plaaslike en internasionale personae non gratae.

Bedaar, U Majesteit, ek praat nie van die Mafia connections nie, dié is seker sub judice onder een van jou sertifikate.

## Madam de Klerk permitting...

Madam de Klerk se man word nou allerweë voorgehou as die messias van die veranderingstryd. Wat is die man se credentials? Het hy al ooit 'n onomwonde progressiewe uitlating gemaak voor of na sy oorwinningstoespraak?

Mark my words, julle koop vir julle 'n wolf in skaapsklere.

Apartheid gaan hoogstens 'n gedaanteverwisseling kry, Madam permitting.

Van oorwinnings gepraat, dit was darem skoon onsmaaklik, hoe Madam se eggenoot aangekondig het dat die koukus die partyleier ook president wil maak.

Met 'n sieklike gebrek aan beskeidenheid, en 'n algehele onvermoë om 'n poker-gesig te handhaaf, kraai die klerk toe uit met 'n glimlag wat sy gesig verswelg: "I am the leader of the NP".

Die selfvoldaanheid herinner aan 'n hiëna wat 'n sappige happie uit die boud van 'n siek bobbejaan gegaps het. Foeitog.

# 'n Derde Taalbeweging

**Vrye Weekblad plaas graag alle briewe, maar soos op hierdie bladsy duidelik blyk, kan dit soms te veel raak. Briewe moet dus liewer so kort as moontlik wees. Die redakteur behou ook die reg voor om briewe te verkort.**

**Dr BC Donaldson, senior lektor Nederlands, Universiteit van Melbourne, skryf uit Rondebosch:**

Vrye Weekblad kry genoeg lofbriewe oor sy inhoud, en tereg, maar nog niemand, sover ek weet, het iets gesê oor die Afrikaans waarin dit geskryf word nie.

Nie net is Afrikaanse establishment-koerante vol parogiale, propagandistiese twak nie, maar hul Afrikaans gaan duidelik ook deur die taalversorgingsmeul voordat dit aan hul lesers opgedien word.

Vanweë die ystergreep wat die Nat-establishment op alle publikasies in Afrikaans het, kry 'n mens nooit die kans om 'n natuurlike Afrikaans te lees wat nie aan verouderde Nederlandse bande gelê is nie.

Ook, en vir my veral, in hierdie opsig is Vrye Weekblad verfrissend en gee dit 'n baie beter, reëler weerspieëling van die werklikheid en lewenskrag van hierdie "gutsy" taal, wat net so veel die besit is van derduisende nie-blankes is as wat dit die besit van die Afrikaner is. Weg met taalversorgingsburo's! Hulle het ook 'n "big brother" bysmakie. Skryf soos jy praat!

Het iemand dit nie al eerder in die geskiedenis van hierdie land voorgestel nie? Nes die bruines nie by die sogenaamde Eerste Taalbeweging betrokke was nie, is hulle nog steeds nie betrokke by die vasstelling van die norme van húl taal nie. Daar is nie een verteenwoordiger van die Kleurlinggemeenskap van twee en 'n half miljoen in die Taalkommissie nie. Hoekom?

Daar het wragtig nie veel verander in die afgelope honderd jaar nie. Het die tyd nie aangebreek vir 'n Derde Taalbeweging nie?

## A strange society

**CL Kidson van Edenvale skryf:**

I would like to respond to the letter from Theo du Plessis (VW 17 Maart 1989), in which he is critical of those who conduct interviews in English with persons clearly more at home in Afrikaans, in this case Fransie Geringer and his parents on SABC.

The point is valid. The questions could have been in English and the replies in Afrikaans, with or without sub-titles. It makes sense when you consider it is always easier to understand than to speak a language, easier to read than to write it.

Why should we not be free and welcome to speak or write in our language of choice. It is easier for the receiver to understand the other language, than for the sender to use it.

Vrye Weekblad has the right attitude in as much as it accepts English letters. The SABC is also accommodating at times.

The other side of the coin is that we like to show off our knowledge of the other language. I know I do, but in Johannesburg there are few Afrikaners willing to co-operate. They are keen to practise and demonstrate their English, so we have a friendly competition. Perhaps Fransie is one of these, and we think he managed very well. Certainly Theo du Plessis is one.

I must admit that when someone is clearly trying not to speak English, as for instance many public servants, then I become an immigrant with no knowledge of Afrikaans whatsoever. I'm sure Afrikaners do the same.

There is a third aspect, and this is most common in SA. Courtesy requires that in a group you speak the language everyone understands. As virtually all Afrikaners understand English and many others don't understand Afrikaans, the latter is sacrificed far more often than the other way around. It is unfortunate but understandable.

A new aspect is that of the black man taught in English and struggling in Afrikaans. Many Afrikaners, not only public servants, refuse to speak to him in English.

Afrikaners should consider themselves lucky they possess English and Afrikaans today. We English are poorer if we are without Afrikaans.

We're a strange society, but I love it.

## Te veel akademiese teorieë

**Elizabeth Clogg writes from Bryanston:**

May I thank you for the very fine example in writing of Willem Hefer's debating style. (VW 10 March 1989).

With all its venom, insinuations, half-truths and untruths it goes some way to explaining how it was that he failed to endear himself to no one but the three PFP constituency committees, Johannesburg North, Sandton and Bryanston, to which he in turn belonged and why it was that he could not wrest from either Johannesburg North (1982) nor Bryanston (1987) the parliamentary nomination he so ardently desired, as well as failing to be elected to the Sandton Management Committee by his fellow councillors.

Hell, after all, to misquote the Bard, has no fury like a politician scorned. It is a matter of interest to some English speaking people that there are Afrikaners who, when they cannot bully what they want from us, or when they are found less than suitable or competent for a post, cannot except that the motivation can be any shortcoming in themselves, but must be attributed to racism.

There is a similar shocked outrage if we should dare to retaliate when we are attacked or denigrated. Fortunately for the future this type of bully is the exception rather than the rule.

However, apart from one very important point, I shall treat Hefer's irrational diatribe with the contempt that it deserves.

He writes: "Dit is sy wat 'n jaar gelede vir die lesers van Business Day wou wysmaak dat sy en haar mede Engelssprekendes die grootste gros belasting in hierdie land betaal."

This information, as Hefer well knows, was not sucked out of the ou Tannie's English thumb. It was supplied by the economics department of the University of Stellenbosch to the Minister of Finance, and by the Minister of Finance to the House of Assembly in the education debate on the 14th April, 1986.

I quote: "In 1946 the Afrikaners earned an income equal to only 48 persent of that of the English speaking persons ... All these years we have been using a progressive tax scale precisely with the view to the redistribution of income, or rather the redistribution of growth ...

Therefore, according to Professor Sadie, it is even today still fair to say that English speaking whites are paying 60 persent of all income tax ... 78 persent of all companies are under the control of English speaking persons therefore pay 75 persent of the company tax via their companies."

When you consider that Professor Sampie Terreblanche was for many years an economic adviser to the Nationalist government and in view of the opinions he expresses in the press, you may appreciate that my objections to his appointment as adviser on economic policy to the DP, and my resignation from the PFP have more to do with the economics he propounds than with the language in which he preaches.

Our taxes are a clear indication of the productive contribution of the Afrikaans community relative to the English speaking community after 40 years of Nationalist rule, redistribution of income and socialist policies.

God help us if these policies are not only continued but extended. If we need rapid growth and a rapid increase in productivity this is not the road to take.

What we need is a party to express clearly the alternative, a free enterprise system which takes no cognisance of a person's language, race or creed but which does take cognisance of their experience and actual achievements in the market place.

South Africa has suffered for far too long from policies dictated by academic theorists, which bear no relation to the realities of the world in which we live.

## Moes Vlok so lank wag?

**Doef Duggan van Rivonia skryf:**

Voordat ek nou eintlik te velde wil trek teen die regering en hul korrupsie, wil ek eers sê hoe ons uitsien na Vrydae.

Op dié dag koop jy 'n koerant wat elke pennie werd is. Hulle gee jou ware feite en geen doekies word omgedraai nie. Baie voorspoed vorentoe. Ek maak baie propaganda vir u blad tussen my Engelssprekende vriende.

Wat ek nou eintlik wil weet, is waarom minister Vlok moet wag totdat daar 'n hongerstaking is voordat hy begin optree. Moet hy dan eers in 'n hoek gedryf word om aksie te neem, al is dit so pynlik stadig?

Is dit nie al klaar 'n skande dat ons mense eenvoudig in selle stop sonder 'n verhoor nie? Daar kan hoegenaamd geen verskonings daarvoor gemaak word nie. En as ons dan nog toelaat dat 'n polisieman kan besluit of 'n ou skuldig is of nie, en dan 'n paar skoppe uitdeel, wat word dan van geregtigheid in hierdie land?

Vir diegene wat nog nie Jan van Eck se "Witness to Unrest" gelees het nie, doen uself 'n guns en lees 'n bietjie oor eerstehandse ondervindinge van een van ons parlementslede. Ongelooflik maar waar!

Sal al die regdenkende mense dan nie van hierdie korrupte regering ontslae raak nie? Ons sal heel waarskynlik lank moet wag voordat daar gestem kan word.

Moet net nie intussen al die mooi beloftes en storietjies glo nie, en miskien weer van plan verander nie.

Die geskiedenis vanaf 1948 is nie 'n mooi storie nie.

## Jay 'n vryheidsvegter?

**Amptenaar van Johannesburg skryf:**

Na aanleiding van sekere uitlatings deur Alex Jay het dit ongelukkig nodig geword om hierdie heer se rol as "vryheidsvegter met 'n mikrofoon" onder die mikroskoop te plaas.

'n Ruk gelede het Jay diep geskok voorgekom na 'n berig dat iemand êrens voorgestel het dat twee Nazi-oorlogsgevangenis vrygelaat moet word met inagneming van hulle ouderdom.

Dit is goed en wel, maar so ver ek weet het Jay nog nooit oor die lug uitgevaar teen Israelse brutaliteit teen Palestyne nie, nòg teen die gedrag van sy eie SAP, en die huidige apartheidsregering.

Inteendeel, Jay het onlangs oor sy pote geval om luisteraars aan te raai om nie aandag te skenk aan die inhoud van 'n Tracy Chapman-lied wat met die woord "Revolution" begin nie, en bygevoeg dat dit maar net 'n Amerikaanse siening van sake is.

Wat seksisme betref, verwys Jay wel na skoonheidskompetisies as "beesparades". Wat minder duidelik is, is of hy bereid sou wees om mej Botbyl (wat promosie- en advertensiewerk vir Radio 5 doen) 'n koei te noem.

Met inagneming van die bogenoemde feite, en veral die feit dat Jay bereid is om aan luisteraars voor te skryf wat hulle oor sekere lirieke moet dink - is hy dalk bang vir sy base? - kom Jay se titel as vryheidsvegter bra motgevreet voor.

En Jay se storie dat hy van "binne af werk" is 'n flou verskoning wat lankal holrug gery is deur Lennox Sebe en sy trawante.

Die feit bly staan dat Jay vir 'n staatsbeheerde radiostasie werk. Wanneer die groot aantal luisteraars nie na Jay luister nie, word hulle NPUK-propaganda gevoer (die nuuslesers kondig laas week entoesiasties aan: "Vier mans is elk vier keer tot die dood veroordeel vir die moord op vier ander.")

Niemand verwag van Jay dat hy by Radio Freedom moet gaan werk soek nie. Wat ons wel verwag, is dat hy sy rol as "vryheidsvegter" in perspektief kry. Daarna sal hy hopelik meer beskeie wees oor sy bydrae.

## Galbitter siel

**Druiwepit van Stellenbosch skryf:**

'n Nasie steek homself verby (en almal in die rug daarby).

(Indrukke tydens 'n parsseisoen op 'n wynplaas)

'n Kleinlike nasie wat hom bemoei met die lot van ander omdat sy eie lewe uit feitlik niks bestaan nie. Dom arrogant en vals gelowig - 'n nasie wat toe-oë deur die lewe gaan en nooit sy eie foute kan erken nie.

Intellektueel altyd tweedeklasburgers met enorme komplekse en hul klasstruktuur en status.

Sensitiwiteit van 'n vark wat geslag gaan word. Vertrou niemand wat lees, skryf, skilder, dink en, veral, klavier speel nie. In hul kultuurloosheid gryp hulle na enigiets (mits dit die swakste van sy soort is) vanaf die Amerikaanse mediafabrieke. Waar sit Europa op die kaart? Who cares?!

Grootwild - en grootgeldjagters van formaat met bittermin gevoel vir medemens - of dier - miskien net as die óók aan hom of haar behoort. En God weet, as iets aan jou behoort, is jy eers belangrik.

Hulle ontvang mekaar gul in gasvryheid, veral om môre mekaar net nog swarter te smeer (nogal 'n ironiese uitdrukking). Betaal graag minimum hongerlone, en klop mekaar op die skouer daaroor as die nuwe Mercedes/BMW of Landrover aangeskakel word.

Verstik amper in jou alleenheid van die galbitterheid van jou siel, maar in die groep gewoonlik die voorprater met veral "die ring maak nie 'n gat toe nie"-grappe.

Ongeloof1ik patrioties solank alles aan jou en hulle soos jy behoort, en beloof om alles op te blaas sou jy dit moes afgee/verloor nadat jou koeëls opgeskiet is.

Op jou netjiesste in jou Sondagoutfit (die kudde word op die sewende dag getel - goed vir besigheid die res van die week) of in die uniform van die SAW. Vertel eindelose grensstories terwyl jy oor die vleisbraaivuur strompel met 'n leë bottel Klipdrift.

En so meer....

As jy jouself in die sinne sien, beveel ek aan dat jy iemand vra om jou d.... hard wakker te klap!!

'n Ietsie aan BJ Lankwarden wat so rave met "aantreklike kleur, vrugtige geur kenmerkende aroma" en ander wynjargonk:.. Kelderwerkers word so min as R32.00 per week betaal vir 45 uur se werk.

Bepleit liewer 'n boikot van die produk of maak lesers bewus daarvan dat seker net 8 - 10 persent van die produksiekoste aan lone gaan. Dis 'n m.... skande, veral as mens reken dat wyn 'n upmarket produk is. Sê iets Lankwarden!

## 'Lekgowa' ook 'n skeldwoord

**Bua 'n Tate van Bultfontein skryf:**

Die Amerikaners gaan so ver om hulle self "the Natives of America" te noem. As ons nou die woordeboek nadertrek, lees ons dat 'n "native" 'n kaffer is en die verklarende woordeboek sê dis die eerste inboorling van 'n land.

"Native" is geen vloekwoord nie, maar as dit vertaal word is dit 'n skeldwoord.

Maar as daar na 'n blanke verwys word as 'n "lekgowa" kla niemand nie, maar dit is net so 'n skeldwoord. Die nie-blanke het tot onlangs geen skryf- of leestaal gehad nie en 'n kalender was nie eens aan hulle bekend nie. Nou wil hulle die jong lewende, groeiende Afrikaanse taal beveel watter woorde om in hul woordeskat op te neem.

Die blanke is dan seker geregtig om van kaffers te praat solank die "kaffer" van die "lekgowa" praat wat ook 'n skeldwoord is.

## Tusenius vir leier

**Lourens Human van Klerksdorp skryf:**

Ek is bevoorreg om 'n opleidingsbeampte van een van prof Robert Tusenius se OIM-programme (Organisational Interface Management) te wees.

In plain Afrikaans: Ons leer die mense eendrag maak mag. (Nie witdrag maak mag nie).

Nou 'n voorstel vir die te stigte Demokratiese Party: Kry vir prof Tusenius om julle leierskapkwessie op te los. Ek glo hy kan en hy sal. En wat van 'n artikel van prof Tusenius?

Laastens. Vrye Weekblad is puik, maar het hul sportskrywers dalk Transvaal-brille op? Toe die beste span in ons land die Nissanskild gewen het, toe lees ons niks nie.

## Verwyder hulle vir ewig

**HP Bierman van Riversdal skryf:**

What made you put "Skokverslag oor doodstraf" (VW 10 Maart 1989) on the front page and give it further page long coverage? Are you trying to compete with a certain type of English/English newspapers?

What is wrong with finding a person guilty within a few hours if all bewysstukke are present? What could any defending counsel do but look for mitigating circumstances, which in case of a particularly gruesome murder may be hard to find. Would tribal laws be more lenient?

Is it fair to assume racial prejudice because more black people are murderers than white? No wonder as there are eight times as many blacks anyway?

Socio-economic circumstances may be redeeming features in theft of food, clothing or the odd sheep but not for murder. The tenor of your article makes one sorry for the condemned person without given a thought to their victims.

Unfortunately, some people are unredeemably depraved and must be removed from the community forever. If you know a more acceptable way in 'n nuwe Suid-Afrika (and less costly for the taxpayer) please say so; I don't.

The only positive aspect of your report about life in the doodsfabriek is that it is sufficiently grueseome to put potential evil-doers off, provided they subscribe to Vrye Weekblad.

# Wallabies kraai koning

André van Wyk

WALLABIES, die kampioenspan van die Oostelike Provinsie, het Maandag op City Park in Aden Motors en City and Suburbans se Top Agt-toernooi weer gewys hy is die beste klubspan in die Suid-Afrikaanse Rugbyunie.

Wallabies het sy titel behou deur Villagers, kampioenspan van die Boland, in 'n naelbyt-eindstryd met 19-16 te klop. Daar was groot drama op City Park en die uitslag was tot aan die einde in die weegskaal.

### Verslae

Die wenpunte is in beseringstyd aangeteken toe Newton Kennedy, sterk vleuel van Wallabies en die OP, in die hoek oor is vir 'n drie, wat Villagers en sy groot aantal ondersteuners, verslae gelaat het.

Villagers het in die laaste minuut met 16-15 voorgeloop nadat hul losskakel, Christo Jephta, met 'n strafskop geslaag het. Villagers kon egter nie die bal van die inskop af hanteer nie en ná die skrum het Wallabies die wenpunte aangeteken.

Kennedy se drie het Villagers se lot verseël. Allistair Coetzee het bewys dat hy 'n skrumskakel van wêreldgehalte is deur Villagers feitlik eiehandig te klop.

Dié klein mannetjie se netjiese stelskopwerk, sy intelligente lynskoppe en sy vlymskerp breke het die skare op hul voete gehad.

Grantham Jansen (agsteman) en Nico Bell (losskakel) was die ander uitblinkers vir Wallabies. Vir Villagers het Stephen Myburgh (heelagter), Trevor Adams (flank), en Charles Stubbs (slot) moedig probeer.

Die eindstryd was beslis 'n goeie advertensie vir Saru-rugby en voorspel goed vir die SA-beker-kompetisie, wat op 29 April afskop. Indien Wallabies die kern van die OP se span vorm, kan die OP beslis vanjaar 'n sterk aanspraakmaker wees.

Vir die Bolanders moes die vertoning van Villagers 'n riem onder die hart gewees het. Veral sy voorspelers het uitstekend vertoon en baie van hulle kan vanjaar die Bolandspan haal.

Die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) het goed vertoon, maar sy Saru-heelagter, Irvine October, se wisselvallige stelskopwerk het sy span duur te staan gekom. Collegians se robuuste spel was 'n teleurstelling en hy kon in die proses nie die spel lewer waarvoor hy bekend is nie.

Mosselbaai (Suidwestelike Distrikte) het die derde plek behaal, met Strand United (Somerset-raad) in die vierde plek. Hulle is gevolg deur UWK (Tygerberg), Collegians (WP), Walmers (Cities), en Tuine (Uitenhage) in die laaste plek.

Coetzee is aangewys as speler van die toernooi.

# Resolusie: beginsel of bloot taktiek?

**In die derde aflewering van haar rubriek oor Sacos-sport, skryf CHERYL ROBERTS oor die Dubbele Standaarde Resolusie wat in 1977 deur Sacos aanvaar is en die probleme en geskille wat as gevolg daarvan ontstaan het**

DIE Suid-Afrikaanse regering se sportbeleid gaan hand aan hand met sy hervormingsbeleid. Dit is hoekom hy in 1976 'n sportbeleid van veelrassigheid aangeneem het.

Dit beteken dat die nasionale identiteite van die verskillende rasse behou word, terwyl hulle op rassegrondslag teen mekaar op nasionale vlak kon meeding. Swartmense kon nou die land op nasionale vlak verteenwoordig en daar kon nou op klub en provinsiale vlak gemeng word.

Die South African Council on Sport (Sacos) het "veelrassige sport" aan die kaak probeer stel deur 'n onderskeid te tref tussen amptelike beleid en hul eie beleid van nie-rassigheid.

Sacos is self op twee fronte aangeval: deur veelrassige sport en die gepaardgaande permitstelsel.

Die permitstelsel is ingestel om kontak tussen verskillende rasse - veral in die townships - te bemoeilik. Mense wat die townships wou besoek, moes 'n permit daarvoor kry.

Aansoeke vir gemengde sportbyeenkomste moes aan die Departement Sport en Ontspanning gerig word, waardeur sulke byeenkomste gemonitor kon word en gesorg kon word dat binne die staat se voorskrifte gehou word.

Sacos het die permitstelsel heftig teengestaan, omdat hulle geglo het dat die "verdeel en regeer"-beleid nog verder ingegrawe het.

Hulle het geglo as jy daaraan meedoen jy die apartheidsbeleid legitimiseer.

In 1977 het Sacos die Dubbele Standaarde Resolusie aanvaar wat sou dien as hoeksteen vir hul kwalifikasie om lidmaatskap.

Dit het bepaal dat geen persoon wat aan rassistiese of veelrassige sport deelneem 'n lid van Sacos kon wees nie.

Dit was duidelik 'n poging om Sacos te suiwer en 'n duidelike onderskeid tussen veelrassige en nie-rassige sport te maak.

By hul konferensie in September 1979 is die resolusie só aangepas: "Enige persoon wat aan 'n etniesgegronde organisasie soos die Verteenwoordigende Kleurlingraad, die Bantoerade of enige soortgelyke organisasie behoort, kan nie 'n Sacos-lid wees nie."

Die Dubbele Standaarde Resolusie het baie ontevredenheid in Sacos ontketen. Daar is gewonder of dit 'n beginsel of bloot taktiek moet wees.

Saam met die resolusie het die vraagstuk van deelname aan internasionale sport na vore getree.

Sacos het met 'n poging begin om beide veelrassige en nie-rassige sport internasionaal te isoleer.

In Junie 1977 het die Verenigde Volke, na 'n intensiewe veldtog deur Sacos en die South African Non-Racial Olympic Committee (Sanroc), 'n resolusie aangeneem waardeur alle toere na en van Suid-Afrika verbied word.

Die feit dat hierdie sportmoratorium ook nadelig vir hulself kon wees, is nie deur Sacos ontken nie.

Hulle het geredeneer dat die uiteindelike oorwinning die opoffering wat sportmense maak, die moeite werd maak.

Sacos het in 1979 ook besluit dat lede nie hul kinders na wit privaatskole kon stuur nie. Internasionale hotelle is ook as buite perke beskou omdat dié hotelle voorheen gesluit was vir swartmense en nou "oopgemaak" is om dalende toeristetalle op te stoot.

Omdat toelating tot alle universiteite op etniese grondslag berus, is besluit dat hul geriewe nie gebruik sou word, en dat geen klubs daar gestig sou word nie. Die Stedelike Stigting is beskou as 'n "agent vir big business met die oogmerk om 'n swart middelklas tot stand te bring".

Al hierdie besluite is geneem om 'n skerp onderskeid tussen veelrassige en nie-rassige sport te maak.

Gedurende die sewentigerjare het die staat en establishment-sport probeer om aan die kriteria van nie-rassige sport te voldoen, sonder om werklik te verander aan die eenheid van veelrassige sport.

Vandag is Sacos egter steeds die enigste liggaam wat werklik aan die vereistes van nie-rassige sport voldoen. Tog het hierdie standpunt beperkinge oor Sacos gebring. Dit het veral mobilisasie beperk. Hoewel hulle 'n weerstandsgroep was, het Sacos se aanhang relatief klein gebly.

Dié debat duur voort binne dié nie-rassige sportliggaam en gaan deurslaggewend wees as Sacos wil uitbrei en sportmense, veral in die swart townships, wil oorhaal om onder hul vaandel te speel.

## Lion- en Curriebeker wink vir Transvaal

Chris van Vuuren

EEN in die gatsak, twee om in te palm.

Dit is seker wat Transvaal se rugbybaas dr Louis Luyt so in die stilligheid gedink het toe sy top-klubs Roodepoort en Goudstad sake Maandag om Toyota se nasionale klubkroon uitgespook het.

In sy eeufeesjaar het 'n Transvaalse klub, Roodepoort, die eerste keer in die geskiedenis van die nasionale klubkampioenskap daarin kon slaag om die trofee Transvaal toe te bring.

Tot en met Maandag was die Transvaalklubs, met die uitsondering van 1982 toe RAU teen Maties in die finaal verloor het, nog altyd die slaansakke in die toernooi.

Die Lion- en die Curriebeker wink vir Transvaal in sy eeufeesjaar. Daar is genoeg spelers van gehalte om die gesogte Curriebeker die eerste keer sedert 1972 'n tuiste op Ellispark te gee.

Die onus rus nou op die keurders om vroeg raak te vat en die beste kombinasie in 'n hegte eenheid saam te snoer. Daarna sal die spelers die vertroue wat in hulle gestel word, moet handhaaf en die soort spel lewer wat van 'n kampioenspan verwag word.

## Baboo Harrypersad kuier op bul se oog

Charles Leonard

IN Port Elizabeth loop daar 'n bul met 'n seer oog rond.

Gedurende die Paasnaweek het die South African Darts Board of Control (Sadboc) se nasionale kampioenskap in die Baai plaasgevind en veerpyltjies van 'n besonder hoë standaard is gesien.

Baboo Harrypersad van Noord-Natal het op die bul se oog, die driedubbele- en dubbelvakkies gekuier, en die enkelspelkampioentitel weer ingepalm.

Hy was in 1987 ook die houer van dié gesogte titel.

In die spankompetisie is daar 'n nuwe kampioen. Die Westelike Provinsie se A-span het die kroon by Suid-Natal afgeneem.

Daar is 28 keer tellings van 180 gegooi. Dit is die hoogste telling wat met drie veerpyltjies op 'n slag gegooi kan word.

Twee ander belangrike datums op vanjaar se nie-rassige veerpylkalender is Julie, wanneer die inter-provinsiale vrouetoernooi in Kaapstad plaasvind, en die inter-klubkampioenskap in Oktober in die Boland.

# Vat hande, die tyd raak min



**Lappe Laubscher op die skoonveld**

MY volkie is 'n unieke ou spulletjie. Nou praat ek nie van die boere nie. Ek praat nou van die hele lot. Van die townships tot in die suburbs. Van Constantia in die Kaap tot by Orlando in Soweto.

Ons bou troontjies en dan gee ons die troontjies name en dan bly ons vasklou aan die troontjie met sy naam.

Kyk nou maar na sport. So hier teen middel 1970 het almal besef dat almal die reg het om sport te beoefen. Die witman praat toe van veelvolkige sport. Nee, sê die swartman, ons stel belang in veelrassige sport.

Toe kom die witman met gemengde sport en die swartman met nie-rassige sport. En daar staan die troontjies toe.

Nou sê die Konfederasie van Suid-Afrikaanse Sport dat hy staan vir gemengde sport. Nee, sê Sacos, ons staan vir nie-rassige sport.

Wat altwee die konings van hul troontjies skreeu, is dat almal saam moet kan jol. En in die townships en in die suburbs wil die kinders saam jol.

Maar ons jol nie saam nie. 'n Witman wat sy lot by Sacos ingooi word as 'n groter renegaat beskou as 'n Matie wat in Lusaka gaan kuier. En 'n bruinman wat by die konfederasie gaan aanklop, word beskou as 'n "try-for-white".

As die WP vir Noord-Transvaal klop dan klop hy hom nie regtig nie, want dit is dalk Sacos se WP wat Sacos se Noord-Transvaal geklop het. En as die Konfederasie se Transvaal die Konfederasie se OP klop, beteken dit ook niks nie, want wat dan van Sacos.

Dié speletjie wat ons sportkonings van hul troontjies speel, bring vir die konings baie geld in die sak en baie stories in die koerante. In die suburbs en townships is daar egter kinders wat net wil doen wat kinders oor die hele wêreld doen. Hulle wil kan jol en dit geniet.

As Graeme Pollock 'n ses slaan vir krieket se goue oues of as David Frost 'n set inslaan vir 'n miljoen dollar, beteken dit tog sekerlik nie dat hulle daarmee 'n oorwinning vir die "system" behaal nie.

Sport en politiek kan nie geskei word nie. Maar sport kan egter nie 'n politieke stelsel reg of verkeerd bewys nie.

Daarom pleit ek vir ons kinders. Hulle weet nie eens waaroor die stryd gaan nie. Dit is nie hulle skuld dat die Wanderers in Illovo gebou is en nie in Orlando nie. Dit is nie hulle skuld dat ou Dok Malan die groepsgebiedewet laat skryf het nie.

Maar hulle word groot. En 'n geslag gaan verby wat nie weet hoe lekker dit is as jy jou gô uitgejol het nie. En hulle jol nie omdat hulle nie mág jol nie. Hulle jol nie omdat die sportbase op hul troontjies sit en edikte uitvaardig dat hulle nie dit mag doen wat elke ander kind in die wêreld as natuurlik beskou nie.

Ons sportbase wat nou skreeu speel nie-rassige sport of gemengde sport of normale sport solank jy dit op my voorstoep speel en nie op 'n ander se voorstoep nie, kan gerus van hul troontjies klim. Anders gaan hulle eendag aangekla word van 'n misdaad teenoor die jeug.

Kom ons vergeet wat verkeerd is en neem hande en maak reg wat ons kan regmaak. Ons kan later rustig praat of rebelle-toere reg of verkeerd is - of sportboikotte moet aanhou of ophou.

Die tyd raak min. 'n Geslag gaan verby.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7256. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

SPORT Vrye Weekblad

- Wallabies kraai koning in die Kaap - 15
- Een in die gatsak, twee om in die palm - 15



Danie Gerber

# Rugbyleeu begin môre brul

Chris van Vuuren

KONING Rugby begin hierdie naweek weer te brul van leeuplesier met die aanvang van die eerste ronde van die Lionbeker-kompetisie, wat naas die Curriebeker Suid-Afrika se belangrikste is.

Drie A-afdeling spanne Vrystaat, die Oostelike Provinsie en Suidwes-Afrika waag dit in die spreekwoordelike leeukuil teen van die kleiner unies.

Die OP se taak blyk die moeilikste te wees. Danie Gerber se manne moet die omgekrapte Griekwas in Kimberley aandurf en hul aanspraak op die beker kan maklik in die groot gat verdwyn.

Met nuwelinge Flip van der Merwe, Anton Vorster, Conrad de Beer en Riaan van den Berg in die poublou trui is Griekwas beslis nie 'n katjie om sonder handskoene aan te pak nie.

Die sukses van die Lionbeker-kompetisie lê juis daarin dat die sogenaamde Aspoestertjie-unies die geleentheid kry om van die grotes af te slag én speel hulle gewoonlik op hul tuisvelde strate beter met die ondersteuning van hul fanatiese toeskouers.

Vrystaat durf Stellaland op Lichtenburg aan en sal op hul pasoppens moet wees vir die tuisspan.

Die wedstryd kan ook 'n aanduiding gee of Vrystaatrugby uit verlede jaar se as opgestaan het.

Suidwes pak Grens in Oos-Londen en die Biltongboere, wat verlede jaar die verbeelding aangegryp het, behoort sonder veel moeite te wen.

In die ander wedstryde speel Oos-Transvaal teen Noord-Natal op Newcastle, Oos-Vrystaat teen Suidoos-Transvaal op Bethlehem, en Noordoos-Kaap teen Laeveld op Cradock.

# Blackpool gaan fynkos maak van Pirates

George Pearl

MOENIE die woord "doelwagter" voor Walter da Silva noem nie. As jy dit doen, sal die Orlando Pirates-bestuurder jou waarskynlik uitslaan, 'n nommer een-trui oor jou kop trek en jou met 'n sweep aanjaag tot by Ellispark.

Die Buccaneers is wanhopig. Hulle het die naweek geëindig met paaseiers oor hul gesigte, en veral oor die doelwagter, Richard Lukhele s'n.

Na 40 minute van hul ligawedstryd teen Giant Blackpool, moes Lukhele vier maal die bal uit die net agter hom gaan haal het.

In alle regverdigheid, sy verdediging was nou nie juis wat 'n mens behulpsaam sou noem nie, maar dit ten spyt, het hy 'n nagmerrie van 'n wedstryd gehad.

Na nommer vier was hy in trane en gereed om op te pak. Hy sou waarskynlik as Pirates 'n reserwe-doelhokoppasser gehad het.

Maar hulle het nie en hy het beter gevaar in die tweede helfte. Hulle het egter nog steeds 4-2 verloor.

Hy sal sy selfvertroue voor Saterdag moet herwin. Pirates se getroue ondersteuners, wat nog steeds gegrom het vir sy bloed toe die spanne Saterdag van die veld af stap, is in geen bui om vriendelik te wees nie.

Vir Blackpool was dit die ideale kleedrepetisie. Môre kom hulle voor hul eerste groot uitkloptoets van die seisoen in 'n Ohlsson's uitdaag-kwarteindronde te staan - teen niemand anders nie as die skrikkerige Bucs.

Sedert hulle verlede seisoen promosie vanaf die tweede liga gekry het, het Blackpool nog nie 'n wedstryd verloor nie. 'n Oorwinning oor Swallows en 'n 2- elk uitslag teen Arcadia het bewys dat hulle oorgehaal is.

Maar hul plek saam met Kaizer Chiefs bo-aan die ligatabel, het gelyk asof dit teen die wette van sokkergravitasie indruis.

Pirates het na die regte span gelyk om hulle met 'n harde slag aarde toe te bring.

In plaas daarvan was dit Bucs wat aan die Orlando Stadion-gras moes kou. Binne tien minute was dit Blackpool wat die voortou geneem het met 'n beweging wat terselfdertyd subtiel en briljant was.

Die bal is hard en laag in die rigting van die doelhok geskop. John "Shoes" Moseu, een van die talentvolste jong doelskieters in die liga, het vorentoe na die bal beweeg... en niks gedoen nie.

Sy volmaakte fop het die hele verdediging op die verkeerde voet betrap en aan sy spanmaat Neil van Rooyen 'n wawyd oop doelhok besorg.

Van Rooyen se skop was hard en akkuraat. Lukhele het 'n hand bygekry, maar in die proses die bal net aangehelp net toe.

Mosoeu het die tweede een gekry deur sonder teenstand voor Lukhele die lug in te rank en met 'n kopstamp die net te tref. Daarna het Fanie Madide 'n harde skoot reguit na Lukhele geskop, wat die doelwagter bo-oor sy kop gedeflekteer het reguit hok toe.

Benedict Lekopa het met die vierde Mosoeu se voorbeeld gevolg deur nog een in die net te knik.

Alles dui daarop dat Blackpool môre fynkos van Bucs op Ellispark kan maak.

Bucs het gesukkel, om die minste te sê, maar in die tweede helfte het hulle darem met meer spoed en passie gespeel.

En toe Mandla Sithole enetjie ingesit het om dit nommer twee te maak saam met Bashin Mahlangu s'n in die eerste helfte, het dit amper gelyk asof hulle terug in die spel kon kom.

Dit is hoe hulle dit môre behoort te doen - val Blackpool se relatief onervare verdediging hard, vinnig en knaend aan, maak 'n toegewyde wagter die dodelike Mosoeu se skaduwee en hou Lukhele se bioritme-kaart fyn dop.



Orlando Pirates se Lawrence Maake jaag die bal. Gaan hy dit môre regkry?

Dit behoort 'n lewendige wedstryd te wees, en behoort beter vermaak te wees as die hoofwedstryd wat net daarna tussen Arcadia en Chiefs gespeel word.

Dié twee spanne het ook 'n kleedrepetisie in die naweek gehad, met Chiefs se 2-1 oorwinning wat hulle bo-aan die liga gehou het.

Chiefs behoort weer te wen. Hulle het Arcs in Maandag se wedstryd van agter af verby gesteek en het gewoonlik die oorhand teen die Pretorianers in bekerwedstryde.

Sondag word sake tussen Sundowns en Cosmos uitgespook op die Super Stadion in Atteridgeville, in wat waarskynlik die wedstryd van die naweek sal wees.

Die twee spanne het verlede jaar in drie bekerwedstryde swaarde gekruis, met Sundowns drie keer die oorwinnaar en Cosmos een maal.

# Die teer gaan spat!

Len Wagenaar

DIE teer gaan môre verseker op Kyalami spat!

Met byna al die motors in veertien wedrenne om die Suid-Afrikaanse motorren-kampioenskapsreeks wat gaan meeding, en met punteverskille van een of twee, kan verwag word dat die renjaers alles sal uithaal om voor te bly.

In die Groep N-kampioenskapsreeks is Mike White (Toyota Conquest RSi) en die jong Mike Briggs (Opel Kadett 2.0) gelyk op die punteleer en die voorlopers in hul onderskeie klasse (Klas B en Klas C). Dié twee sal dus alles wil uithaal om oorwinnings in albei uitdunne te behaal.

Pieter de Waal (Opel Kadett 1300) is voor in Klas E, maar een klein misstappie en hy kan sy voorsprong op die punteleer so verloor.

In die WesBank-reeks vir veranderde sedanmotors sal SuperSarel weer eens wil bewys dat die Audi Quattro Turbo Sport nóg die motor is om te klop. Hy sal egter erg opgedreun word deur Hennie van der Linde in sy Nissan 300ZX - en moenie vir Willie Hepburn in sy magtige Opel Rekord V8 afskryf nie.

Peter Lanz se 3-reeks BMW met 'n M5-enjin is ook gereed en Ben Morgenrood in sy Mazda RX7 sal ook tussen die voorlopers boer.

Kyalami se wedrenne het almal nou internasionale status en in die Porsche Turboreeks sal drie oorsese jaers hul slag teen die beste Suid-Afrikaners soos Toby Venter, Sarel van der Merwe en Nico Bianco wys.

Selfs Clive Rice in sy kanariegeel Geel Bladsye-Porsche sal sy slag wys en 'n mens kan - getrou aan die tradisie van dié wedrenne - heelwat opwinding te wagte wees.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.

Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) BPK van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

# VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad, 31 Maart 1989





**Die dier in Bles op film verewig - 4**

## Die Totale Aanslag se naam is Voëlvry!

**Ja, dis die einde van die Afrikaner soos ons oumas hom geken het. Die Gereformeerde Blues Band, Bernoldus Niemand en Die Swart Gevaar en André Letoit word Dinsdag losgelaat op wat oor is van Verwoerd se nalatenskap — 3**

*(Foto: Gideon Mendel)*


**Amerikaners slaan munt uit Viëtnam - 5**

**Drie digters uit twee wêrelde - 6**

**Die Laeveld se planteparadys - 9**

**UB40 was 'n jol - foto's - 2**

**Maak mayonnaise vir jou éie hartaanval — 8**

# Daar gaat hulle . . .


DIE langverwagte landwye Vrye Weekblad/Voëlvry-toer skop Dinsdag om 8.30 nm af by Countdown, Breestraat 277, Johannesburg.

Dié grootse geleentheid val saam met die uitreiking van die Gereformeerde Blues Band se langspeler Eet Kreef. Die toer sal die GBB, Bernoldus Niemand en die Swart Gevaar en Andre Letoit na al die groot stede asook die uithoeke van die Afrikanerdom neem met name wat tot dusver slegs gefluister is.

Die ekspedisie sal ongeveer twee maande duur. Toegang tot al die opvoerings kos R8 en t-hempies, plakkers, plate en kentekens kan ook gekoop word.

Die finale program lyk so:

Dinsdag 4 April: Afskop by Countdown
Vrydag 7 April: Wits Students Union om 9nm
Woensdag 12 April: D-Lab - RAU om 8nm
Donderdag 13 April: Vereeniging - Vaaldriehoek Technikon Gymsaal om 8nm
Vrydag 14 en Saterdag 15 April: Universiteit van Pretoria se Die Masker om 9nm
Dinsdag 18 April: Potchefstroom
Vrydag 21 April: Bethlehem se Voortrekker Hoër-skoolsaal om 8nm
Saterdag 22 April: Welkom se Heavenly Bodies Gym om 8nm
Vrydag 28 April: Bloemfontein se Frans Cronje-saal om 9nm
Saterdag 29 April: Kroonstad se Alan Rautenbach-saal om 8nm
Woendag 10 Mei: Universiteit van Wes-Kaapland se Main Hall om 9nm
Vrydag 12 Mei: Universiteit van Stellenbosch se Die Gat om 9nm
Saterdag 13 Mei: Kaapstad se Three Arts Theatre, Plumstead, om 9nm
Woensdag 17 Mei: George se stadsaal om 8nm
Vrydag 19 Mei: Port Elizabeth in die Feathermarket Hall om 8nm
Saterdag 20 Mei: Grahamstad se stadsaal om 9nm
Vrydag 26 Mei: Durban se Methodist Church Hall om 9nm
Saterdag 27 Mei: Pietermaritzburg se Students Union om 9nm
Die toer sluit af met konserte op Vrydag 2 Junie en Saterdag 3 Junie in Windhoek by die Windhoek-teater om 9nm.



**Toerleier Veldkornet Dee Dee Uys, Vrystaatse ekonoom en pypmaker**

# . . . en kyk hoe lyk hulle!



**Onder: Karla Marie, sjoe-waddle-waddle-meisie van Die Swart Gevaar en bysanger vir die Gereformeerde Blues Band. Opgelei in musiek by die Arniston Akademie vir Arm Vissers se Kinders.**



**Onder: Braal Nylon, ghitaarspeler vir die GBB en die Swart Gevaar. Gebore op Delmas in 1932 in 'n familie met 'n ryk braai-tradisie. Braaispringbokkleure in 1962 by Klipdrift.**




**Bo: Wolteraad Woltemade, tromslaner van die Swart Gevaar. Sy liefde vir die goeie aarde kom net-net tweede by sy passie vir Ruk en Rol.**



**Bo: Hanepoot van Tonder, tromslaner van die GBB en skuiftrompetter vir die Swart Gevaar. Van kleins af 'n Ruk en Roller, wat onteenseglik bewys is toe hy op drie in 'n balie hanepoot geval het. Sy jeugdige en gesonde voorkoms spreek boekdele vir die gebruik van dié gesondheidsdrankie.**




**Bo: Piet Pers, basghitaarspeler van die GBB. Seun van mnr Dink en mev Verf Pers van Pietersburg. Werk aanvanklik by Perskor, waarna hy twee jaar professioneel perskes eet. Prominent in die "Vry die Pers"-veldtog.**



**Onder: Jacko Pretorius, basghitaarspeler van die Swart Gevaar. Bierkenner en skrywer.**



**Onder: Olie Fantstande, klawerbordier van die Swart Gevaar. Min is oor hom bekend, behalwe vir sy ding wat hy het oor naeltjies.**



**Bo: Andre Letoit, vlug in 1945 uit Bohemië, met net 'n pen en 'n ghitaar. Werk sy pad van onder af op as pizza-sjef, hoenderboer, skrywer, digter, limerikus, rugbyliedjieskrywer, ontkleedanser vir gehore van beide geslagte. Rook nou Lexington.**



**Bo: Johannes Kerkorrel het in byna al die klein dorpies van ons land gewoon. Dit het hom so verskriklik verveel dat hy besef het al wat oorbly is Ruk en Rol of rugby. Gelukkig vir Naas Botha het hy maar besluit om die Dopper-tradisie te laat voortleef in die klanke van vandag.**



**Bo: Die erg romantiese Bernoldus Niemand het grootgeword in die stil myngemeenskappie van Daggafontein, aan die Oos-Rand. Vroeë inspirasie was Tighthead Fourie en The Loose Forwards met hul onvergeetlike ballades, maar deesdae is Niemand 'n persoon in eie reg, met sy kleindorpse "East Rand Blues" en "Welcome To My Car".**

# Grootste prys nóg vir 'n Afrikaanse roman

ARM skrywers kan maar begin om die potlode skerp te maak, want 'n romanwedstryd met die grootste prysgeld nóg is deur De Kat en Potpourri aangekondig.

Die prysgeld bedra R35 000 en word toegeken aan romans wat in manuskripstadium beoordeel word. Dit is die eerste wedstryd in sy soort in Afrikaans.

Drie pryse in twee kategorieë kan gewen word. In die eerste kategorie, dié vir skrywers wat reeds romans gepubliseer het, is die eerste prys R15 000 en die tweede prys R10 000. In die tweede kategorie, dié vir eerste roman-skrywers, is die prys R10 000.

'n Eerste roman-skrywer kan die eerste of tweede prys wen, maar verbeur dan die beginnersprys.

Die pryse word in die vorm van 'n spesiale spaarrekening by Saambou - die borge - aan die wenners gegee.

Al drie die wenmanuskripte sal deur Tafelberg gepubliseer word, waarop die skrywers die gewone outeursaandeel van 12 persent ontvang.

Drie buitekeurders sal die romans anoniem beoordeel. Hulle is proff JP Smuts en Henriette Roos, asook die bekroonde skrywer Dalene Matthee.

Die volledige wedstrydreëls verskyn in die April-uitgawe van De Kat.

Die sluitingsdatum vir die wedstryd is 28 Februarie 1990. Die pryswenners sal einde Julie 1990 op 'n geselligheid bekend gemaak word.

# Positiewe Bles dalk binnekort in Soweto



Bles en Plessie drink op die movie

'N PAKKIE slap chips het Bles Bridges oornag aggressieloos gemaak. Jare gelede het hy by 'n Portugees se winkel slap chips bestel. Die produk wat hy oor die toonbank ontvang het, het maar naar gelyk.

Bles: "Hierdie goed is nie goed genoeg vir 'n vark om te eet nie."

Die kafee-eienaar: "Alle Suid-Afrikaners is varke."

WHAPP!!

Die Portugees se kop het blykbaar teen 'n wasbak gestamp op pad grond toe nadat dit met Bles se vuis kennis gemaak het. Die man is hospitaal toe. Die ervaring was so traumaties dat Bles summier opgehou het om aggressief te wees.

'n "Gedokterde" weergawe van dié werklike onderonsie en vele ander ongelooflike avonture sal moontlik (dit was in die draaiboek) in die fliek The Devil and the Song, waarin die sanger homself speel en wat vandag by Ster Kinekor-bioskope begin draai, gesien word.

Die fliek, waarvan PG du Plessis die draaiboek geskryf het, is volgens Bles 70 persent waarheid en 30 persent fiksie.

So hy IS 'n patriot? (Die onderonsie was miskien in sommige mense se oë net nog 'n astrante uitlander wat 'n pak slae gekry het, maar eh...universeel beskou het Bles op daardie aand vir sy land en volk se integriteit

**Chris du Plessis**

geveg).

"Ja, ek is 'n patriot," sê Bles (regte naam Poen van Bruggen), netjies geklee in 'n paar wit skoene, bloedrooi broek, wit hemp met rooi strepe en 'n rooi das. 'n Rooi baadjie hang oor die stoel.

"'n Mens kan nie wegkom van jou herkoms nie. Ek is trots om 'n Afrikaner te wees."

Sal hy nie oorsee gaan woon, landuit vlug Australië toe nie? Sy oë rek asof ek hom vra of hy 'n man is. Selfs nie as 'n swart regering oorneem nie? Om een of ander rede neem hy dié vraag ook ernstig op. "Dit sal nóóit gebeur nie," sê Bles.

Later hoor ek hy glo daar sal 'n koalisie gevorm word, maar hy wil nie politiek praat nie. Hy wil POSITIEF wees.

Positief is Bles se geliefkoosde woord.

'n Wyse ou omie het vir hom gesê as hy aggressie positief kan gebruik, dit wonderlike gevolge kan hê. Bles het dit ter harte geneem. Met 'n effense nadraai. Hy gebruik sy positiewe houding baie aggressief. Dit is 'n gedugte sosiale wapen. Menige onderhoudvoerders is al oorweldig deur Bles se geweldadige positiwiteit.

Ek is een. Na slegs tien minute saam met Bles (en ek het die oggend heel goed begin) voel ek soos 'n algehele mislukking. Ek stuwe nietemin verslae voort.

Besef hy dit is juis dié positiwiteit wat maak dat mense (behalwe nou vir dié wat MAL is oor Bles) hom soveel haat. Om gekonfronteer te word met 'n smalende nagtegaal in gelowerde matador-drag wat sing oor die wondere en liefde van die wêreld net na terapie vir depressie (of na jou vrou jou gelos het, of jy nou net deur jou alkoholistiese pa met 'n sigaret op die voorkop gebrand is), is mos kos vir moord.

"Hulle is in die minderheid," sê Bles positief. "Ek kan nie glo daar is soveel negatiewe mense nie. Mens moet jouself liefhê. En jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

Maar daar is mense in gestigte wat net nie so kán dink nie... "Ek kry briewe van dank van hulle ook," sê Bles. Touché.

Die feit is dat Bles meestal sing vir mense wat die geleentheid het om net so liefdevol te voel oor die lewe soos hy. Bles en sulke mense bestaan werklik. Dit is die werklikheid.

Bles is nie die romantiese swaap nie. Romantiese swape is dié wat dink daar sal nooit 'n tyd wees sonder sangers wat sing oor blomme en sakdoekies, terwyl ander uit hulle sokkies geblaas word of vrek van die honger. Daai soort van ding.

"Wie vrek van die honger?" vra Bles.

Bles meen dat enigiemand wat rêrig wil, 'n negatiewe lewenshouding in 'n positiewe een kan verander. Dit is sy sending in die lewe om positiwiteit en liefde aan die mensdom oor te dra.

Maar sou dit dan nie beter wees om die positiwiteit aan dié mense oor te dra wat dit regtig nodig het nie, in plaas van die (Bles)-konsertsale vol mense wat al reeds so gevul is met menseliefde dat hulle wil ontplof daarvan?

'n Optrede in die townships miskien? (of 'n nege jaar toer deur Tierra del Feugo).

Bles is verstom. "Nou sê jy vir my 'n ding. Ek het nooit daaraan gedink nie..." Hy is 'n ruk stil en bepeins die saak positief. 'n Lig gaan op. Dit is nie onmoontlik om binnekort BLES IN SOWETO-posters te verwag nie.

'n Jong vrou kom in om tee aan te bied. "Sorry, we don't have honey, only sugar," sê sy. Bles vat haar hand en gee dit 'n tere soentjie. "You are honey," sê hy. Dan draai hy na my terwyl hy haar om die lyfietjie vat: "Hene, maar dis 'n oulike bok dié." Sy verlaat die vertrek.

"Sy maak my sommer weer lus vir die lewe," sê Bles. Sy oë blink.

Die ware 70 persent in The Devil and the Song vertel die verhaal van Bles se lewe vandat hy sy vroutjietjie, Leonie, ontmoet het.

Bles het in die 100 persent ware lewe vir Leonie ontmoet toe hy een aand moes optree (hy sing al vandat hy 12 is en is nou 42) by Henley on Klip (nie die plek waar die Freedom Charter opgestel is nie) naby Vereeniging.

Toe hy uit die motor klim, sien hy haar op 'n swaai sit. Bles het vir sy vriend gesê hy gaan met haar trou. Sy vriend het gedink dit is belaglik. Dié aand ná die "gig" het Bles haar gevra om te dans. Die volgende Sondag het hulle 'n ent gaan ry...

Was dit 'n seksuele aantrekking? "Net haar glimlag was genoeg," sê Bles.


Is die prent 'n liefdesverhaal? "Ek is mos bekend as 'n man van die liefde," sê Bles. Hy brei uit: "Die liefde is soos 'n plant. As hy nie die nodige kunsmis (aandag) kry nie gaan hy dood."

In die prent sê Bles vir die joernalis wat hom eers haat en dan een van sy grootste aanhangers word: "Jy het dieselfde duiwels in jou wat ek altyd gehad het." Bles is nie net 'n patriot nie. Hy is ook 'n Christen.

The Devil and the Song is Bles se eerste fliek. Mag daar nog vele meer wees vir hom en al die ander positiewe siele in die heelal.

## Stephan Bouwer is Die Kyker

# Askies vir Spies en Plessie



EK het laas Vrydagaand weer na die drr PG du Plessis en J Spies (Dokter Dokter Revisited!) gekyk in die grapprent Spies en Plessie... met permissie. Ek het hoë agting vir dié twee gawe en hoogs talentvolle skrywers/raconteurs én hulle regisseur - maar dit sê nog nie dat die program altyd aan sy eie verwagtinge voldoen nie.

Selfs 'n aanbieding wat voorgee om impromptu te wees, moet darem 'n bietjie struktuur hê en afwagting skep - en behoort nie te lyk of dit eers 'n halfuur voor video-opname, dollerig, beplan is nie. En die aanbieders moet darem altyd lyk of hulle, oënskynlik, al die prettigheid geniet.

Vinnige snitte (en ander foefies) kan, partykeer, natuurlik ook 'n sekere traagheid probeer verbloem.

Die twee doktors het nogal poegaai gelyk... so al of hulle al te lank in Jan Smuts-lughawe se aankommssaal vertraag is, en hulle lagbuie - tydens die vertelling van staaltjies - was nie juis opreg nie.

Die beeldmenger was glad nie vriendelik met sy/haar wegsnyskote nie. Daar was verskeie reaksies wat die doktore betrap het waar dit wys dat hulle nie regtig na die storie luister nie: sulke naby-opnames waar daar nie eens 'n wenkbrou gelig is as demonstrasie van meelewing nie.

En die potsierlike musikant kon die saak ook nie beredder nie, want daar was toe al klaar 'n gevoel van selfbewusthied/ verveeldheid wat geprojekteer is...

Verstaan my asseblief goed: ek het geen probleem met die bestaansreg van boertige varieté, die poepgrap-genre en die optrede van vreemdsoortige musici nie - as die aanbieding daarvan maar net met TV-flair gepaard gaan.

Ek wou nie juis vandeesweek oor Spies en Plessie geskryf het nie - as dit nou nie was vir die allersnaakste verrassing wat Saterdagaand, om 10h22, op TV4 uitgesaai is nie: The Tracey Ullman Show.

Ek weet nie of dié program 'n gereelde uitsending is nie, maar dit was toevallig my eerste kyksessie.

Dit behoort verpligte kykmateriaal te word vir almal van ons in die bedryf wat met komedie wil flirteer. Dit blyk dat Tracey Ullman omring word deur eksperts: teksskrywers/regisseur/. mede-spelers/kostumier en so meer. Ek weet nie wat ms Ullman se eie insette is nie, maar dié produksiepsan kan beslis nie onaangeroer wees deur Woopy Goldberg se optredes, Gail Parent se huil-snaakse romans soos die onvergeetlike "Sheila Levine is Dead and Living in New York", Dario Fo se feministiese monoloë en al sulke geseënde, besielende dinge nie.

Laas Saterdagaand was daar insetsels/sketse oor die besitlikheid van 'n fantasmagoriese (Joodse?) moeder, telefoon-antwoordmasjiene, aërobiese oefeninge, seksuele verhoudings, reklame, en die gevare van snelweë.

En dit was "klassiek" humoristies - want 'n mens het gelag tot die trane rol. Wat jou opgeval het, so tussen die trane deur, is dat die gegewe baie menslik en ontroerend is en dat alle produksie-aspekte heel netjies en berekend beplan en uitgevoer is: van konsep tot uitvoering tot redigering.

Ek weet nie of die TV-diens se programopsteller(s) hierdie soort naasmekaarstelling doelbewus laat plaasvind nie, maar dit gebied ons nogmaals om te besin oor die dictum of local noodwendig altyd lekkerder is... want beter is dit nié.

JACOB JRegoP®

Help om verlore energie terug te plaas deur die voedings-vitamines wat vir normale liggaamlike funksies vereis word, te vervang.

# Bose komedie uit pen van gefrustreerde

**Dangerous Liaisons. Met Glenn Close, John Malkovich, Michelle Pfeiffer, Swoozie Kurtz, Uma Thurman en ander. By Ster-Kinekor. Resensie deur ANDREA VINASSA**

DANGEROUS LIAISONS, een van vanjaar se heel prikkelendste prente, is gegrond op Les Liaisons Dangereuses, 'n briefroman wat in 1782, sewe jaar voor die Franse Revolusie, gepubliseer is. Dit is in 1784 met afkeur in die hof bespreek, is later in die openbaar verbrand en vir die res van die 19e eeu verbied.

Die sosiale en politieke agtergrond van die skrywer, Choderlos de Laclos, is die sleutel tot die karakters en die erotiese intrige.

De Laclos het die boek geskryf as 'n aanval op die hoër klasse van die ancien regime. Hy was lid van die petite noblesse (kleinburgery) en jare lank verveeld as artilleriekaptein in die weermag gedien.

Daar was geen manier vir hom om juis bevordering te kry nie, omdat die adelstand gewoonlik die invloedryke ampte in die weermag beklee het, dus, sê mense wat De Laclos se motiewe probeer ontleed het, is sy skryfwerk gemotiveer deur gefrustreerde ambisie.

Die vermaaklike "komedie van boosheid" is in misnoeë bedink deur 'n man wat ontevrede was met die politieke stand van sake. As aanhanger van Rousseau het die gedrag van die heersersklas hom diep gegrief. Trouens, De Laclos (volgens verskeie teenstrydige biografieë) het baie gemeen met skrywers wat hulle vandag uitspreek teen die heersende politieke bedeling in Suid-Afrika, soos die sinisme van daardie tydperk ook hier te bespeur is.

Die kritiese waarnemings van die kunsies van die pre-revolusionêre gemeenskap en die verwikkelde karakterontledings kom van 'n man wat later maar 'n onnoemenswaardige rol in post-revolusionêre Frankryk gespeel het.

Eers ná die revolusie en na dertien maande in 'n revolusionêre gevangenis, het De Laclos tot generaal gevorder in Napoleon se leër.

Hierdie agtergrond verduidelik waarom die intrige beplan is met die vindingrykheid van 'n militêre strategis en baie van die karakters oorlogsterme gebruik om hulself uit te druk.

Dangerous Liaisons bestaan uit 'n reeks erotiese magspeletjies aan die gang gesit deur die Marquise de Merteuil (Glenn Close) en die Vicomte de Valmont (John Malkovich). Dié twee oud-minnaars hou hulle besig met seksuele oorwinnings en verteenwoordig vir De Laclos die ledigheid, wreedaardigheid, bedorwenheid en valsheid van die gepoeierde klas.

Die Marquise en die Vicomte gaan genadeloos, wraaksugtig en gevoelloos te werk met hul slagoffers en, ou moralis wat hy was, straf De Laclos die karakters deur skielik die bloed in hulle are te laat vloei... vir die eerste keer voel hulle emosie, raak hulle verlief, maar die liefde is te laat om hulle te red.



**Die Vicomte de Valmont (John Malkovich) en die ontwykende Madame de Tourvel (Michelle Pfeiffer)**

Die uiteindelike bekoorlike prent het sy sukses aan die Britse regisseur Stephen Frears te danke. Sy ekonomiese, onopgesmukte, onsentimentele aanslag lewer 'n silwerskoon produk wat spreek sonder probleme tot 'n hedendaagse gehoor.

Die vertolkings van onderskeidelik Malkovich, Close, Michelle Pfeiffer, Swoozie Kurtz en Uma Thurman is berekend uitstekend, soveel so dat jy vergeet jy kyk na 'n kostuumdrama.

# Skelm, snaaks en baie sjarmant

**Andrew Worsdale skryf oor Dirty Rotten Scoundrels**

EINTLIK het Frank Oz (die man agter Miss Piggy van die Muppets) in Dirty Rotten Scoundrels 'n prent van 1964 oorgemaak. Dié prent is Bedtime Story, waarin David Niven en Marlon Brando twee Amerikaanse swendelaars speel wat ryk Amerikaanse weduwees op die Cote d'Azur uit hul geld bedrieg.

Niven en Brando lyk nogal na 'n snaakser rolverdeling as Steve Martin en Michael Caine in Dirty Rotten Scoundrels.

Hoewel Martin lekker deurmekaar is, is hy net so innemend as Caine. In Roxanne, All of Me en Pennies from Heaven was hy net so verwoestend romanties en selfs sjarmanter as Caine in Educating Rita. (Ek dink nog altyd Caine se beste vertolking was die aanstootlike boef in Get Carter.)

Terwyl 'n mens na hierdie film kyk, kan 'n mens sien hoe hulle vir mekaar glimlag, 'n tong-in-die-kies respek toon vir mekaar se vertolkings en sterstatus. Hulle speel goed saam omdat die gehoor weet hulle is lekker ouens en hulle hou regtig van mekaar - al is hulle veronderstel om liegende en bedriegende swendelaars te wees wat mekaar aan die keel wil beetkry.

## Swendelaar

Die storie gaan oor Lawrence Jamison (Caine), 'n gladde, elegante swendelaar wat hom voordoen as 'n afgesette prins wat geld insamel vir sy beproefde land. Sy basis is 'n baie weelderige villa in 'n pragtige oord aan die Riviera, waar ryk toeriste in die casino versamel en die hoof van die polisie deur hom betaal word. Die reaksionêre politiek van die plot werk. As jy dit kan aanvaar, sal jy kan lag vir die res van die rykdom en verneukery.

Freddy Benson (Martin) is 'n smalltime Amerikaanse bedrieër wat met 'n hartseerstorie oor sy sieklike moeder deur Europa boemel. Wanneer hy in Jamison se tuisdorp aankom, is die twee dadelik mededingers.

Hulle wed mekaar dat die eerste een wat 50 000 kan swendel uit die volgende vrou op hul pad, in die dorp mag bly. Die verloorder moet padgee.

Die prent rol van die een skelmstreek na die ander, en die een vermomming na die ander.

Caine is veral snaaks as die groot Herr Doktor Schauffhausen, 'n duur psigiater wat sadisme as behandeling vir depressie voorstaan. Martin se komiese hoogtepunt is as Prins Ruprecht wat braaipanne teen mekaar slaan. Ewe snaaks is hoe hy leer om 'n eleganter bedrieër te word.

Barbara Harris is ook baie snaaks as die spulse ryk weduwee wat vir Martin op die vliegtuig kom ogies maak.

Die tonele in die film herinner aan Hitchcock se "To Catch a Thief", en die geld wat so vryelik vloei laat 'n mens sommer self ryk voel. Die prent is dalk effens te lank, en Martin se anargie gaan soms moeilik saam met Caine se understated sin vir humor.

Maar die prent sal jou aan die raai hou, en as lekker vermaak is dit die moeite werd.

# Viëtnam: wins uit die wonde?

**Hans Pienaar skryf oor die rolprent Dear America: Letters from Vietnam**

VIETNAM en sy stryd teen kolonialisme, 'n katastrofe in die Amerikaanse geskiedenis, is op tipies Amerikaanse wyse tot 'n winsgewende nywerheid van pyn en wroeging omskep.

Daar was Platoon, wat van regisseur Oliver Stone 'n tipiese Hollywood-suksesverhaal gemaak het; daar was die selfbewuste meesterstukke wat die reputasies van Coppola, Cimino en Kubrick gered het.

Daar is die nuwe Amerikaanse mites op TV, die mallerige swerwers van die A-Team, die macho-mans met oorlogverledes soos Magnum, die stil techno-cowboy met die broer wat agterbly (Airwolf)...

En dan is daar die werklikheid van die Viëtnam Vet wat 'n massamoordenaar word, die zombie met paranoïese drome waarin die vyand nog vir hom in parke en op skoolterreine wag.

Waar die beste Viëtnam-rolprente gewoonlik 'n hele aantal fasette van die oorlog probeer betrek, fokus die jongste produk (Dear America: Letters from Vietnam) op net een: die onreg wat die Amerikaanse soldate aangedoen is.

Kyk 'n mens na die preproduksienotas, is dit duidelik dat daar iewers 'n besorgdheid oor die tragedie van die Vietnam Vet in die motivering vir die produk skuil.

Die konsep is eenvoudig: vat die boek met dieselfde titel, kry die voorste akteurs in die land met reputasies vir rebelsheid in verskillende grade om die voice-overs te doen (Sean Penn, Michale J Fox, Robert de Niro, Elizabeth McGovern, Ellen Burstyn) en sinchroniseer hul voorlesings met hewig-ironiese tonele uit TV-nuusfilms, gedeklassifiseerde weermagfilms en selfs "home movies" oor die mense wat die briewe geskryf het.

Om eerlik te wees, daar is baie aangrypende dinge in die rolprent. Die briewe-gedeeltes word afgewissel met nuusflitse wat die ontstaan en verloop van die oorlog skets.

Die storie gaan oor onskuld wat vergaan: dit begin met borselkopseuns wat baljaar in die see, en eindig met die siellose "veteran's stare" wat die Amerikaanse akteurs so goed in rolprente soos Apocalypse Now en The Deer Hunter kon namaak.

Die prent het 'n aantreklike siniese streep - aanvanklik verklaar die seuns met groot oortuiging hoe hulle veg om die Kommuniste uit die Amerikaanse Karoo te hou, en later is daar tonele van Amerikaanse soldate wat studente op Amerikaanse kampusse doodskiet.

Dit is sonder twyfel 'n stellinginname teen die Viëtnamese oorlog, en dit is seker 'n aanduiding van die goeie in die Amerikaanse samelewing dat die prent die seën van veteraanorganisasies wegdra.

Maar in die seleksies uit die 2 miljoen voet film wat uiteindelik die produk op die skerm geword het, blyk reeds 'n sentimentaliteit wat die boodskap ambivalent maak.

Teen die einde is daar 'n eienaardige reeks tonele rondom "Kersfees in die bos", met ammunisie wat afgeskiet word en briefskrywers wat kwyl dat dit die mooiste ervaring is wat hulle nog gehad het.

Dan is daar subtiliteite in die redigering en musiekkeuses wat 'n mens laat besluit die rolprent is gans te mak en dat die onskuldige soldate kanonvoer in daardie ander globale "stryd" geword het - die verspreiding van Amerikaanse kitsch.

Enkele tonele word gewys van die heftige anti-oorlog stryd by die huis, maar daar is geen aanduiding van 'n gevoeligheid vir die hele sosiale omwenteling van die jare sestig, waarsonder dit nie moontlik was vir die onskuldige soldate om uit die gemors te kom nie.

Die klankbaan is al genoeg rede om tog die film te gaan sien, met al die regte "bands" daar, van die Sataniese Alice Cooper tot Bob Dylan en The Doors.

Maar die gekose liedjies self, wat weliswaar uitstekend pas by die tonele en die briewe, is eienaardig kuis, vol angst en onskuld eerder as die aktivistiese woede wat baie van die sangers aangevuur het.

Die Stones se "Gimme Shelter" en Dylan se "Hard Rain's A Gonna Fall" is klassieke liedjies, maar tog die soort wat 'n koshuiskomitee by RAU sal laat huiwer voor hulle dit verbied.



**'n Toneel uit Dear America**



# Hamilton Russell: op pad na die beste wyn in SA

**BJ LANKWARDEN skryf oor twee uitstekende vrystellings van Hamilton Russell Vineyards by Hermanus**

DIT is groot nuus dat twee nuwe wyne van Hamilton Russell Vineyards vrygestel is.

Dit is baie duidelik dat Tim Hamilton-Russell se doel om die Suid-Afrika se beste rooi- en witwyne te maak, 'n stappie nader aan sy verwesenliking gekom het.

Sy belangstelling in wyn en wynbou het begin toe hy nog jonk was - nadat hy gegradueer het aan die Universiteit van Oxford, waar hy klimatologie en geologie studeer het. Hy het toe begin soek na die mees geskikte grond om gehaltedruiwe te kweek.

Gereelde besoeke aan die wynbougebiede van die wêreld het hom oortuig dat die beste wyn in koel gebiede gemaak word. Tim het by die suidelikste punt van Afrika begin soek en het uiteindelik in 1975 'n plaas naby Hermanus gekoop.

'n Koel klimaat lewer goeie druiwe, maar in 'n warm klimaat gebeur alles te vinnig. Oormatige hitte verlaag die suurvlak in druiwe.

Baie goeie wyne word in die suidelike halfrond rondom en suid van die 38ste breedtegraad in Australië, Nieu-Seeland en Chili gemaak. Tim se plaas lê omtrent op die 34ste breedtegraad en is die suidelikste wingerd en kelder in Afrika. Dit is ook Suid-Afrika se koelste wynbougebied.

Sy wynmaker is Peter Finlayson. Peter het op Stellenbosch en in Geisenheim in Duitsland gestudeer. Hy het ook studietoere na Kalifornië, Chili en Boergondië onderneem.

Hy maak wyn van Chardonnay- en Pinot Noir-druiwe, soos dit in Boergondië gedoen word. Mens mag nie hier sê jou wyn word in die styl van die groot Boergondiese wyne gemaak nie. Jy mag ook nie sê dat jou wynmaker Boergondië en Bordeaux besoek het nie. Jy mag wel sê dat hy Côte d'Or en suidwestelike Frankryk besoek het - dus geen sprake van enige Franse wyngebied nie.

Die 1988 Hamilton Russell Vineyards Chardonnay (weer eens geen superieur nie!) is met die eerste indruk 'n tipiese en klassieke Boergondiese wyn. Ek het nog nie 'n Chardonnay van hierdie plaas geproe wat so jonk so goed is nie.

Produksie was klein in 1988 en aangesien ander wynjare binne maande ná vrystelling uitverkoop het, is daar geen twyfel dat dat hierdie wyn 'n gesogte versamelaarsitem sal wees nie.

Die geur is dié van suurlemoen met blykies van vanielje/eik wat 'n harmonieuse geheel vorm. Dit is verrassend en baie bemoedigend as jy besef dis 'n Suid-Afrikaanse wyn. Uitstekend. 'n Interessante voetnota: 'n deel van hierdie wyn is in nuwe Boergondiese vate verouder.

'n Wyn soos hierdie Chardonnay kan nie goedkoop wees nie, maar as jy in ag neem dat die oes skaars 3 ton 'n hektaar was (omtrent 20 hl/ha) en verouder is in vate wat elk R12 000 kos, kan jy verstaan waarom hulle vra en kry wat hulle wil hê.

Hierdie wyn kan nou gedrink of drie tot vier jaar lank gehou word aangesien dit meer kompleks word soos die tyd aanstap. Onthou dat hierdie groot Chardonnay's koel maar definitief nie koud bedien moet word nie.

Die 1986 Hamilton Russell Pinot Noir (geen superieur) is nog 'n lieflike wyn met 'n goeie plaasvars geur en uitstekende kleur. Weer eens die tipiese rooi Boergondiese smaak terwyl dit jonk is.

Hierdie wyn moet moet ten minste vier jaar lank weggesit word aangesien die vol glorieryke geur van die Pinot Noir slegs dan na vore sal kom.

Dit is 18 maande lank in klein vate gehou en nog 10 maande in die bottel. 'n Wonderlike wyn in alle opsigte.

Daar word hard gewerk op Hamilton Russell Vineyards om topklaswyne te produseer en hulle verdien die lof wat hulle toekom. Stel jou voor dat jy grond koop wat so koel is dat die Cabernet-druiwe slegs in uitsonderlike jare ryp word, en dit in 'n land waar daar so 'n hoë vraag daarna is!

'n Groot klomp goeie wyn kan in die toekoms uit Hermanus verwag word.

## Die arme, arme Britte . . .

IN die rolprent A Fish called Wanda is daar die merkwaardige toneel waar een skelm 'n ander skelm ondervra oor verdwene buit ná 'n rooftog.

Die maniese ondervraer het die ander skelm vasgebind en toe sistematies begin om sy lieflingsvissies uit die visbak te haal en op te eet in 'n poging om hom te laat praat.

Voordat hy die vissies begin eet het, het hy aartappelskyfies geneem en in die ander skelm se gesig gedruk. Hy het 'n aartappelskyfie opgehou en iets soos die volgende gesê: "Britain's only contribution to international cuisine. Sometimes it's flavoured with what? Sometimes it's flavoured with fish." Toe begin hy die vissies eet.

Dit is natuurlik nie waar dat aartappelskyfies 'n Britse uitvindsel is nie, aangesien dit as French Fries bekend staan.

Die vraag waarby ek wil kom is: hoekom eet die Britte so sleg en hoekom is hulle sulke slegte kokke? My bietjie ondervinding van Engelse kokke is dat jy hulle die wonderlikste bestanddele kan gee en wat anderkant uitkom is smaakloos en omtrent oneetbaar.

Engeland is tog deel van Europa en net anderkant die kanaal is daar die Franse, die Duitsers, die Belge, die Hollanders, wat almal baie beter kos maak as die Britte. Dan is daar ook nog die Italianers, die Spanjaarde, die Portugese ...

Dat 'n nasie met so 'n groot letterkunde, kultuur en geskiedenis nog nooit geleer het wat goeie kos is nie, slaan my dronk.

'n Vriend - wat in Brittanje gebore is - skryf dit toe aan die feit dat die Engelse nie eintlik wyn maak nie. Hy sê dat goeie kos en goeie wyn altyd hand aan hand gaan.

Daar is moontlik 'n element van waarheid in, maar hoe verklaar hy dan die feit dat 'n mens uitstekende kos in China en Japan kry?

Toe ek 'n paar jaar gelede in Brittanje was, was daar 'n klein beriggie in The Guardian oor die eerste Britse boer wat knoffel na Europa toe uitvoer. Die joernalis het na knoffel verwys as "this noxious weed".

Ek het die arme man jammer gekry: om te dink hy gaan vanaand huis toe na 'n smaaklose ete wat in soutwater opgekook is.

KOOS COETZEE

HARRIDANS
RESTAURANT
JANET TELIAN
JACQUI CRAIG
By die Mark-teater
Breëstraat, Newtown
Tel: 838-6960

Est 1987
Yard of Ale
*By die Mark-Teater*
**Kom kuier by ons vir huiskos, goeie wyn en lekker mense**
• **Die ideale plek vir u funksies**
**Bespreek vandag : 836-6611/2**

Onthou ...
KOALA BLU RESTAURANT
(verskaffers van besondere kos uit Suidoos-Asië)
is oop elke middag en elke aand
Tel: 726-1515

# Mayonnaise vir jou éie hartaanval

NOU die dag kyk ek na 'n bottel winkel-mayonnaise, en raak so effe naar toe ek na die bestanddele kyk. Soveel van kunsmatigheid en bestanddele wat nie al te gesond kan wees nie, kry jy net in kitskos.

Die kits-mayonnaise het bestanddele soos melksuur en verdikkers (hoekom dit verdikkers nodig het indien die regte kombinasie eiergeel en olie 'n lekker dik mayonnaise gee, weet ek nie - hier êrens word op bestanddele besnoei.)

Dit bevat ook sitroensuur, kunsmatige geursel en kleursel (waarom, as tuisgemaakte mayonnaise heerlik is en 'n natuurlike heldergeel kleur het?) en "tartrazine" (wat dit ookal is). Dit word gepreserveer deur kaliumsorbaat en natriumbensoaat - indien dit die regte vertalings is.

Dit lyk vir my na 'n ontsettende klomp gif. As 'n mens dan van kos moet doodgaan, is 'n hartaanval wat oor jare met 'n oormaat natuurlike mayonnaise grootgemaak is vir my meer aanvaarbaar as die stadige dood van kunsmatige gif wat in kitskos gegooi word.

Moenie jou laat inloop nie: wat smaak en gehalte betref, is kommersiële mayonnaise minderwaardig. Dit is dikwels ook duurder as die ware jakob. Dis baie jammer dat soveel mense dit koop en die kuns verleer het, of nooit geken het, om hul eie mayonnaise te maak.

Mayonnaise is 'n baie "ou" sous, en ek lees dat daar in die werke van Apicius - my Griekse geskiedenis is effens verroes - 'n hele paar verwysings daarna is.

Mayonnaise is sensitief vir koue en dis baie belangrik dat die bestanddele sowel as die bak waarin dit gemaak word teen kamertemperatuur moet wees, anders bind die bestanddele nie. Haal eiers lank voor die tyd uit die yskas.

Regte mayonnaise het net 'n paar basiese bestanddele, waarvan eiergeel en olie die hoofbestanddele is.

## Tuisgemaakte mayonnaise

Hier volg 'n resep vir meer as 'n liter mayonnaise, wat gewoonlik hopeloos te veel is vir die gemiddelde huisvrou. Halveer die resep of gee 'n paar botteltjies mayonnaise aan jou vriende. Hulle sal dit waardeer.

**6 eiergele teen kamertemperatuur**
**'n gelyk teelepel sout**
**'n groot knipple fyn witpeper**
**een en 'n half eetlepel wynasyn of suurlemoensap**
**1 liter sonneblomolie teen kamertemperatuur**

Jy kan ook 'n paar lepels olyfolie vir smaak ingooi, maar moet die mayonnaise in hemelsnaam nie net met olyfolie maak nie. Dis hopeloos te ryk. Hier moet jy versigtig wees met die olyfolie.

Skei die eierwit en eiergeel baie deeglik. Gooi die eiergele 'n hele paar keer van die een dophelfte na die ander om al die eierwit te verwyder. Wees versigtig om nie die eiergeel te prik nie.

Plaas die eiergele in 'n mengbak saam met die sout, peper en suurlemoensap of asyn. Klop met 'n swaar draadklopper (en nie met 'n klitser nie) om lyf aan die eiergeel te gee. Vra iemand anders om die olie eers druppeltjie vir druppeltjie en dan in die dunste straaltjie moontlik by die eiergeel te gooi. Klop voortdurend, en raak maar 'n bietjie moeg.

As die sous te gou te dik raak kan jy 'n eetlepel asyn of 'n eetlepel water bygooi (as die sous suur genoeg is). Hou aan totdat al die olie ingeklop is. Die mayonnaise moet stewig wees en 'n diepgeel kleur hê.

Moet in hemelsnaam nie skrik as die mayonnaise skif en alles sommer weggooi nie. Jy kan dit maklik red. Neem 'n skoon bak, plaas 'n eetlepel warm water daarin, en voeg die geskifte mayonnaise baie stadig by die water terwyl jy voortdurend klop. Die mayonnaise bind nou.

Proe nou daaraan en hou op om winkel-mayonnaise te koop.

Jy kan 'n bietjie Engelse mosterd bygooi as jy van 'n mayonnaise met 'n sterker smaak hou. Mayonnaise is 'n baie veelsydige sous, en kan as basis vir baie ander souse gebruik word. Dit hou weke lank in 'n digte houer in die yskas.

Hier is een variasie: maak jou eie sous tartare, en nie die kits-tartare wat gewoonlik in restaurante saam met vis opgedien word nie.

## Sous tartare

Die resep is vir een liter (maak dit kleiner soos jy wil).

**1 liter tuisgemaakte mayonnaise**
**2 eetlepels kappertjiesade, fyngekap**
**6 agurkies, fyngekap**
**'n mengsel van fyngekapte vars kruie (pietersielie, kerwel, dragon, grasule, of wat jy ookal beskikbaar het)**
**2 eetlepels Dijon-mosterd (duur maar lekker)**

Meng met die mayonnaise, eet lekker en vergeet die hartaanval vir die oomblik.

Ns. Maak meringue van die eierwit.

KOOS COETZEE

# Die Krokodil se mooinooiens en drakebome

**Die Laeveld spog met die grootste planterykdom in die land - sowat 3000 plantsoorte. In die Laeveldse Botaniese Tuin word hierdie natuurlike erfenis bewaar - en aan die publiek toeganklik gemaak. VICTOR MUNNIK het in die Tuin gaan dwaal en gaan gesels met die kurator, Johan Kluge. (Die illustrasies is deur Elise Buitendag, met vriendelike vergunning van die Laeveldse Botaniese Tuin.)**

AAN die begin van die Krokodilrivier-oewerpaadjie is die boomstamme omtrent oortrek van korsmos. Korsmos is 'n natuurlike aanduider van onbesoedelde lug, het die Tuin se kurator gesê.

En die lug moet skoon wees, want kyk hoe welig groei die liggeraakte mooinooivaring.

"Die bosveld waardeur u nou stap, sal u telkens opmerk waar die paadjie wegdraai van die oewer af.

"Hier en daar is vogtige kolle met vleiplante soos biesies, sommige soorte varings en vleiblomme," sê die gids.

"Die immergroen oewerplantegroei, bekend as gallerybos, vorm 'n gordel al langs die oewers. So strek die groen bande langs al die Laeveld se standhoudende rivier, selfs deur die droë vlaktes verder ooswaarts."

Die oewerbos is plek-plek verstrengel deur rankplante. Dit laat my dink aan kurator Kluge se opmerking: 'n wilde tuin is onmoontlik sonder seekoeie wat paadjies deur die oewerbos breek, olifante wat bome omstoot... veldbrande...

Ek dink: 'n mens kan natuurlik 22 000 besoekers per jaar kry om die paadjies uitgetrap te hou.

Maar kies 'n sypaadjie sonder taksonomiese bordjies en jy vind "ongerepte natuur". Gaan sit en droom langs 'n poeletjie wat tussen die rotse agtergebly het toe die rivier in vloed was.

'n Spinnekop het 'n koepel oor die poeletjie geweef, 'n wandelende jood rank kruis en dwars deur die water. En onder, tussen die verrottende plantmateriaal, steek twee piepklein groen blaartjies uit. 'n Klein lugblasie sit op die een - suurstof wat hy, nietige ou dingetjie, self gefotosinteer het.

Van klein na groot: agter my bruis die waterval van die Krokodil wat deur die jare 'n diep skeur uit die graniet gevreet het.

"Teen die rotsagtige hange waar daar min grond is, groei geharde plante soos vetplante en rotswildevye."

Naaldekokers draal in die sproeireën van die dreunende waterval. Kinders druk hul neuse deur die draadheining. Pa's neem foto's met die bruin watermassa as agtergrond. Ma's hou die hart vas.

By die waterval-uitkyk is 'n gedenksteen opgerig vir Narendra Makan. Dit sê: "Remembrance is a form of meeting."

En het u geweet dat Jock van die Bosveld se baas, Sir Percy Fitzpatrick, eens op 'n tyd 'n deel van die toekomstige Tuin as beesplaas gehuur het?

Later was die Tuin meentgrond, waar die dorpenaars van Nelspruit se beeste geloop het. 'n Verdere deel is geskenk deur Hall en Seuns, vrugteboere wie se vrugteboorde tot teenaan die dorp loop.

In 1968 is met die Tuin begin, en in 1971 is dit oopgestel vir die publiek. Jaarliks maak sowat 22 000 besoekers hier 'n draai.

Ongeveer driekwart van die 154 hektaar word ongestoord gelaat om 'n rustige agtergrond vir die ontwikkelde tuin te skep. Dis die tuiste van bobbejane, ape, twee soorte muishonde en verskeie knaagdiere.

In die water is daar - benewens die vis - ook palings en waterskilpaaie. Nie meer krokodille nie.

'n Seekoeipaar laat soms snags hul groot voetspore op die grasperke, tussen die palms en broodbome.

Voëls word ook beskerm: 'n lys van 245 voëlsoorte wat in die Tuin waargeneem is, is onlangs opgestel.


Die Laeveld kan spog met meer as 3000 inheemse plantsoorte, skryf plantekenner Jo Onderstall.

Die laagliggende dele is subtropies en omtrent rypvry, behalwe vir dele aan die platorand waar die winters swaar is.


Die plantegroei wissel van struikagtige droë bosveld met 'n karige grasbedekking tot ruie bosveld met hoë, welige gras - en plek-plek vogtige immergroen woude.

Die Laeveld is eintlik deel van die groot Oos-Afrikaanse vlakte. Baie van die Laeveldse plante het dus tropiese verwantskappe. Met die Drakensbergketting langs het sekere elemente van die Kaapse fynbos die Laeveld al bereik.

Die gemiddelde reënval wissel van 350 mm per jaar in die noord-ooste, tot 1600 mm teen die platorand.



**Drakeboom, Dracaena hookerana, een van die weinige lelies wat 'n boom word**



**Vroulike keël van Encephalartos villosus, een van die broodbome**

## Sade op die lessenaar

DIEP in die tuin is die kantoor van die kurator, Johan Kluge. Die voorste muur is gebou van spoelklip - klippe uit die bodem van die Krokodil toe dit, duisende jare gelede, baie breër gevloei het as nou.

Op die stoep peul vetplante uit 'n bak. By die ontvangstoonbank staan 'n varing langs 'n waterlelie in 'n glas.

Die kurator is 'n vriendelike, maar nie juis spraaksame mens nie.

Daarom vra ek hom maar oor die geelbruin sade op sy lessenaar.

"Broodboomsade."

Word broodbome nog ernstig bedreig?

"Ja, mense sal hulle seker maar altyd uit die veld steel." En broodbome plant so moeilik voort. Daar moet 'n manlike en 'n vroulike plant bymekaar wees, en hulle moet op dieselfde tyd ryp word.

"Wat is die grootste bedreiging vir die tuin?"

### Fabrieke

Droogte is hy nie juis voor bang nie, want daar is damwater. Maar dis die pienk Lantana en die pers jakaranda wat die Tuin inval.

Besoedeling?

Nie juis nie. Wel, denneplantasies. Dit word mos groen woestyne genoem, niks groei saam met denne nie. Soos mielies.

Daar is twee fabrieke naby die Tuin. Delta mangaanfabriek het duur installasies om besoedeling te bekamp, en dan is daar Ngodwana se papierfabriek.

Maar die lug is nie te erg besoedel nie, die korsmos groei.

Wat is sy dagtaak?

Daar is daagliks navrae vir identifikasie van plante, praatjies aan besoekende groepe, raad oor aanplanting van inheemse plante, versamelingstogte en natuurlik die instandhouding van die Tuin.

Daar is ook 'n kwekery wat inheemse plante aan die publiek lewer. Honderde wilde olywe, verlede jaar se boom van die jaar, is deur die kwekery verkoop. En van vanjaar se wilde of Kaapse kastaiing, is ook al 'n hele paar verkoop.



**Vogliewende plante op die woudvloer**

## Plant pienk: die Mooiboom

MOOIBOOM is die vertaling van die wetenskaplike naam van vanjaar se boom van die jaar, Calodendrum capense. Dis oor sy uitbundige pienk blomme wat die Kaapse kastaiing of wildekastaiing so genoem word.

Die mooiboom behoort tot die familie Rutaceae, wat die kommersiële sitrusbome en die boegoespesies insluit.

Dié plante het olieklliertjies onder die blare, wat meestal aromatiese olies bevat. Dis waar die boegoe se medisyne sit.

Daar is vyftien inheemse boomsoorte in hierdie familie, onder hulle die perdepram, perdepis en witysterhout.

Die wildekastaiing kom net in Afrika voor, rofweg van Swellendam met die ooskus noordwaarts tot in Ethiopië. Hy groei normaalweg in beboste klowe, soms redelik naby die see, omdat hy effens soutbestand is. Die hoogte van die boom wissel van sewe tot twintig meter, afhangende van die groeiplek.

Reusagtige wildekastaiings is te sien by die piekniekplek onderkant die Hanglipkrans in die Hanglipstaatsbos by Louis Trichardt.

In die vroegsomer dra die wildekastaiing soveel blomme in groot, samegestelde trosse, dat die groen lower byna heeltemal verberg word. Baie pienk, dus.

Die aanvanklik liggroen vrugte word in die herfs bruin ryp, en bars dan oop. Die sade is lekkernye vir bosduiwe.

Die wildekastaiing het ook sy plek in die voedselketting. Sover bekend is sewentien insekspesies van agt families wat aan hom eet. Die opvallendste van hulle is vier skoenlappers van die familie Papilionidae.

Die wildekastaiing word reeds elders ter wêreld - by voorbeeld Australië - as sierboom aangeplant. Ná vanjaar sal dit hopelik meer in ons eie land gesien word.

Die jong bome is rypgevoelig, maar groot bome kan taamlik strawwe ryp verduur.

Die bome groei relatief stadig (hulle begin eers na ses of sewe jaar blom), maar hulle is verbasend droogtebestand.

Die wildekastaiing kan aangeplant word in die humiede en sub-humiede streke van die winterreën, heeljaar- en somerreëngebiede.

Talle kwekerye verkoop boompies, maar hulle kan ook van saad gekweek word.

Vir verdere inligting of raad kontak die Departement van Omgewingsake, tel 012 3103842 of Privaatsak X447, Pretoria, 0001.

Boomliefhebbers, onthou boomplantdag is die tweede Vrydag in Augustus.

